(2) 'n Werkgewer moet die weeklikse werkure in sy besigheid so reël dat werknemers een namiddag (behalwe Sondag) vry gegee word. Indien in die geval van aandkoerantinrigtings geen vrye namiddag toegestaan kan word nie, kan in oorleg met die Kapel 'n gelyke aantal ure andersins vry gegee word, pleks van 'n namiddag elke week, kan 'n hele dag elke twee weke vry gegee word.

(3) 'n Werkgewer, wat van enigeen van sy werknemers eis om korttyd te werk, moet die metode van toepassing daarvan met die Kapel reël. Indien geen Kapel bestaan nie, moet die werkgewer die werknemers tenminste twaalf werkure vooraf kennis gee dat hulle korttyd sal moet werk. 'n Werkgewer moet aan enige werknemer wat korttyd werk in enige werkweek minstens 'n loon gelykstaande aan die loon vir 24 werksure betaal.

(4) Werkgewers en werknemers moet tussen die beëindiging van 'n dag- of nagskof en die aanvang van 'n ander skof deur dieselfde werknemer minstens agt ure laat verloop. Hierdie reël belet nie diensverrigting in spesiale noodgevalle nie.

8. Oortyd.

(1) Oortyd moet soveel moontlik beperk word en alle tyd gewerk bo en behalwe die ure voorgeskryf in artikel 7 (1) van hierdie Ooreenkoms word as oortyd beskou en onderworpe aan die bepalings hierin verder genoem, moet werkgewers vir die oortyd betaal word teen die skale hierin voorgeskryf en werknemers mag nie laer loonskale aanneem nie—

(*a*) vir die eerste ses uur oortyd of gedeelte daarvan in enige werkweek moet teen een en een-derde maal die gewone loon, vir die daaropvolgende vier uur oortyd of gedeelte daarvan in sodanige week teen een en een-half maal die gewone loon, en vir enige verder oortyd in sodanige week teen dubbel die gewone loon betaal word; met dien verstande dat die bepalings van hierdie paragraaf gewysig kan word ingevolge paragraaf (*d*) van hierdie subartikel vir die toepassing van hierdie paragraaf word tyd op die halwe vakansiedag van 'n inrigting en op Sondag gewerk nie ingesluit nie;

(*b*) kragtens die bepalings van paragrawe (*c*), (*d*) en (*e*), moet vir oortyd wat deur 'n werknemer op enige dag bo en behalwe vier uur gewerk is, betaal word teen 'n loon vir dubbeltyd, maar mag nie by die totale weeklikse ure vir die doel van berekening van oortyd betaalbaar ingevolge paragraaf (*a*), ingesluit word nie;

(*c*) vir tyd gewerk op die halwe vakansiedag van 'n inrigting, na die tyd waarop die werk op daardie dag gewoonlik eindig, en op Sondag, moet teen tweemaal die gewone loon betaal word; dit is nie op tyd (hetsy gedurende gewone werkure of oortyd) gewerk in verband met die druk van aandkoerante van toepassing nie; nagwerkers in diens by oggendkoerante is alleen geregtig tot die gewone oortydlone vir tyd op Sondae gewerk;

(*d*) in gevalle waar deur die vaste personeel van werknemers op Saterdae of Sondae gewerk word in verband met die druk van laat-Saterdagmiddag- en Sondag-koerante, moet die ekstra oortydlone betaalbaar aan die betrokke werknemers, nieteenstaande enigiets wat die teenoorgestelde bedoel hierin voorheen vervat, aangegaan by onderlinge ooreenkoms tussen die werkgewer en die plaaslike tak van die Vakvereniging, met die reg van beroep op die betrokke Gesamentlike Raad en/of na die Staande Komitee;

(*e*) in inrigtings waar die weeklikse werkure, voorgeskryf in artikel 7 (1) van hierdie Ooreenkoms, in vyf dae (naamlik van Maandag tot en met Vrydag) voltooi word, moet vir tyd gewerk op Saterdae van die gewone begintyd tot twaalfuur 'smiddags, ingevolge paragraaf (*a*) van hierdie subartikel, en na twaalfuur 'smiddags teen tweemaal die gewone loon, betaal word;

(*f*) vir die toepassing van hierdie artikel word elke week afsonderlik beskou met dien verstande dat tyd deur 'n werknemer verloor, weens siekte of op versoek of met toestemming van die werkgewer, nie ingewerk behoef te word voordat oortyd bereken word nie;

(*g*) vir die toepassing van hierdie artikel word oortydlone bereken ingevolge artikel 4 (7) en die uitslag te vermeerder in die voorgeskrewe verhouding.

(2) Die aandag word gevestig op subartikel (7) van artikel 17 van die Fabriekswet, 1918, ingevolge waarvan aan manlike werknemers onder sestien jaar en aan vroulike werknemers, wanneer oortyd deur sodanige werknemers gewerk word, maaltye verstrek of in stede daarvan, toelaes betaal, moet word.

9. Vakleerlinge en Oningeboekte Minderjariges.

(1) Geen werkgewer mag, sonder voorafgaande skriftelike toestemming van die Staande Komitee, met 'n persoon, wat ouer as een-en-twintig jaar is, 'n vakleerlingskapkontrak aangaan nie. Die voorwaardes van so 'n kontrak moet deur die Staande Komitee skriftelik goedgekeur word. Op versoek van enige party kan sodanige hoofvakleerlingskapkontrak deur die Staande Komitee gekanselleer word, nadat hy van sy voorneme om dit te doen, tien dae kennis aan die ander party gegee het.

(2) An employer shall arrange the weekly working hours in his establishment so as to allow employees to have one afternoon off per week (other than Sunday). In the case of evening newspaper establishments, when an afternoon off cannot be provided, equivalent time off, or one whole day per fortnight, may be substituted for one afternoon per week, by arrangement with the Chapel.

(3) An employer who requires any of his employees to work short time shall arrange the method of application of same with the Chapel. Where no Chapel exists, the employer shall give employees at least twelve working hours' notice when required to work short time. An employer shall pay to any employee working short time not less than 24 hours' wages in any working week.

(4) Employers and employees shall not permit less than eight hours to elapse between the finishing of one day's or night's work and the commencing of another by the same employee. This shall not prohibit work in a special emergency.

8. Overtime.

(1) Overtime shall be restricted as much as possible, and all hours in excess of the hours prescribed in Section 7 (1) of this Agreement shall be regarded as overtime, and, subject to the provisions hereinafter stated, employers shall pay for overtime at the rates herein prescribed and employees shall not accept less than such rates:—

(*a*) Time and one-third for the first six hours' overtime or part thereof in any one working week; time and one-half for the next four hours' overtime or part thereof in such week; and double time for any further overtime worked in such week, provided that the provisions of this paragraph may be modified in terms of paragraph (*d*) of this sub-section. Time worked on the house half-holiday and on Sunday shall not be included for the purposes of this paragraph.

(*b*) Subject to the provisions of paragraphs (*c*), (*d*) and (*e*), overtime worked by an employee on any day in excess of four hours shall be paid for at double time, but shall not be included in the total weekly hours for the purpose of calculating overtime payable in terms of paragraph (*a*).

(*c*) Time worked on the day of the house half-holiday in excess of the usual number of hours worked on that day and time worked on Sunday shall be paid at double time. This shall not apply to time worked (either normal time or overtime) on the production of evening newspapers. Night workers engaged on morning newspapers *shall be entitled* to ordinary overtime rates only for overtime worked on Sundays.

(*d*) In cases where work is performed by the regular staff of employees on Saturdays or Sundays in connection with the production of late Saturday evening and Sunday newspapers, the excess overtime rates payable to the employees concerned shall, notwithstanding anything to the contrary hereinbefore contained, be mutually agreed upon between the employer and the local Branch of the Trade Union, with the right to appeal to the Joint Board concerned and/or to the Standing Committee.

(*e*) In establishments where the weekly working hours prescribed in Section 7 (1) of this Agreement are completed in five days (that is, from Monday to Friday, inclusive) time worked on Saturdays from the usual starting hour until 12 noon shall be paid for in terms of paragraph (*a*) of this sub-section, and after 12 noon at double time.

(*f*) For the purposes of this Section each week shall stand on its own, provided that time lost by an employee through illness or at the request or by permission of the employer shall not be required to be made up before overtime is calculated.

(*g*) For the purposes of this Section, overtime rates shall be calculated in terms of Section 4 (7), and shall be increased in the proportion specified.

(2) Attention is drawn to sub-section (7) of section *seventeen* of the Factories Act, 1918, under which meals or allowances in lieu thereof must be provided or paid to males under 16 years of age and females in the event of overtime being worked by such employees.

9. Apprentices and Unindentured Minors.

(1) No employer shall enter into a contract of apprenticeship with a person over the age of 21 years without the prior written consent of the Standing Committee. The terms of any such contract shall require the approval in writing of the Standing Committee. At the request of either party such contracts of major apprenticeship may be cancelled by the Standing Committee after it has given ten days' notice to the other party of its intention so to do.

(2) 'n Werknemer, na voltooing van 'n vakleerlingskapkontrak, moet as 'n vakman beskou word, en sy diens by die werkgewer waar hy as vakleerling gedien het, mag nie (behalwe om redes wat onmiddellike ontslag regverdig) beëindig word nie, totdat hy vir 'n tydperk van minstens agt weke as vakman teen die loon betaalbaar aan vakmanne by die betrokke werkgewer gewerk het. Ingeval by die voltooiing van sy kontrak in sy afdeling korttyd gewerk word, moet bovermelde tydperk verleng word totdat dit gelykstaan met agt volle weke.

(3) Ander minderjariges as vakleerlinge mag alleen met goedkeuring van die Staande Komitee in 'n aangewese vak, in diens geneem word.

(4) 'n Werkgewer kan van 'n vakmanwerknemer eis om as deel van sy gewone pligte onderrig te gee, en sodanige werknemer moet enige vakleerlinge in dieselfde aangewese vak as sodanige ambagsman in diens by sodanige werkgewer is, so te onderrig om die betrokke vakleerlinge bekwaam in hulle vak te maak. Dit is die plig van die werkgewer om voorsiening vir doeltreffende geleenthede te maak, asook genoegsame tyd te gee vir sodanige vakmanne om sodanige opleiding te gee. Geen betaling mag deur 'n werkgewer gevra of ontvang word vir die opleiding van 'n werknemer nie.

(5) 'n Werkgewer mag geen persoon onder die ouderdom van 16 jaar in diens neem in 'n tegniese of meganiese hoedanigheid in die bedryf nie.

10. Verlof.

(1) Die bepalings hierin vervat is nie bedoel om die aantal betaalde vakansiedae wat aan 'n werknemer voor die datum van hierdie Ooreenkoms toegestaan is bo die aantal hierin vasgestel, te verminder nie.

(2) 'n Werkgewer moet, ooreenkomstig die bepalings hierin uiteengesit, aan sy werknemer minstens drie weke se betaalde vakansieverlof gedurende elke jaar en drie spesiale vakansiedae, naamlik Nuwejaarsdag, Goeie Vrydag en Kersdag, toestaan, en eis dat sy werknemer, wat verplig is om dit te neem, daarvan gebruik maak. Die gewone jaarlikse verlof loop na verhouding ten opsigte van elke kalenderjaar op. Die spesiale vakansiedae is verskuldig ten opsigte van die werkweek waarin hulle val, met dien verstande dat die werknemer voor die spesiale vakansiedag en gedurende die werkweek by die werkgewer in diens is. Betaling vir verlof word teen die gewone loon wat die werknemer ontvang as hy sy verlof neem, gemaak.

(3) Jaarlikse vakansieverlof is onderworpe aan die gerief van die werkgewer, wat, waar moontlik, reëlings moet tref om daarvan minstens een maand vantevore kennis te gee. Indien nie een maand vooraf kennis gegee word nie, moet die werkgewer alle reëlings deur die Kapel, of, waar geen Kapel bestaan nie, deur die betrokke Gesamentlike Raad maak. Werknemers moet hul jaarlikse vakansieverlof in 'n onafgebroke tydperk neem. Jaarlikse verlof moet gedurende die kalenderjaar, ten opsigte waarvan sodanige verlof verskuldig is, toegestaan en geneem word, en moet in verhouding wees met die tydperk van diens gedurende daardie kalenderjaar. Met dien verstande dat die oploping van jaarlikse verlof bo twee weke toegelaat mag word met die toestemming van die betrokke Gesamentlike Raad of die Staande Komitee en in hierdie geval moet die werkgewer, wanneer die werknemer sy verlof neem, die geld verskuldig aan die werknemer vir die uitgestelde verlof in die plaaslike Tak van die Vakvereniging stort om vir sodanige werknemer bewaar te word totdat hy die verlof wat aan hom verskuldig is, neem.

(4) In die munisipale gebied Kaapstad kan reëlings getref word tussen die Kapel en werkgewer sodat werknemers pleks van die jaarlikse vakansieverlof voorgeskryf in subartikel (3) van hierdie artikel een week verlof en die res as gewone of wetlike vakansiedae na gelang van die geval, kan neem, en daarvoor betaal word instede van die jaarlikse vakansieverlof. In plattelandse koerantkantore kan spesiale gevalle van ongerief wat betref die neem van jaarlikse verlof behandel word deur die Staande Komitee wat toestemming mag verleen dat 'n deel van die jaarlikse vakansieverlof geneem mag word op ander wetlike vakansiedae as die drie wat in subartikel (2) van hierdie artikel genoem is of op sodanige ander gerieflike dae as wat gereël mag word.

(5) Ingeval 'n werkgewer na goeddunke aan 'n werknemer toestaan om sy jaarlikse verlof, genoem in subartikel (3) hiervan te neem voordat die volle termyn van sodanige verlof verskuldig is, geld die onderstaande verstandhouding:—

(*a*) Die werkgewer is geregtig om van die volgende werkgewer van die betrokke werknemer 'n bedrag, gelykstaande aan die betaalde vakansiedae, waarvoor anders daardie werkgewer in die betrokke kalenderjaar aanspreeklik sou wees, te eis en te ontvang.

(*b*) Enige sodanige werknemer wat vrywillig sy diens verlaat of ontslaan word om redes wat ontslag regverdig, is aanspreeklik vir die terugbetaling aan sy werkgewer van die bedrag gelykstaande aan enige sodanige oorverlof as aan hom toegestaan is.

(*c*) Enige werknemer van wie die diens buite sy toedoen beëindig word, behoef nie, ten opsigte van enige oorverlof-betaling wat hy ontvang het, enige bedrag terug te betaal of gratis te werk nie, met dien verstande dat, wanneer hy 'n nuwe betrekking kry, die geval ooreenkomstig paragraaf (*a*) van hierdie subartikel behandel moet word.

(2) An employee, upon completion of a contract of apprenticeship, shall be regarded as a journeyman, and his employment by the employer with whom his apprenticeship has been served may not be terminated (except for reasons justifying summary dismissal) until he has worked for a minimum period of eight weeks for the employer concerned as a journeyman at the wages payable to journeymen. In case short time is being worked in his department at the time of completion of his contract, the above period shall be extended to the equivalent of eight full weeks.

(3) Minors other than apprentices may only be employed in a designated trade with the approval of the Standing Committee.

(4) An employer may require a journeyman employee, as part of his ordinary duties, to instruct, and such employee shall so instruct, any apprentices in the same designated trade as such journeyman in the employment of such employer, so as to render such apprentices proficient in their trade. It shall be the duty of the employer to provide adequate facilities and time for such journeymen to give such training. No premium shall be charged or accepted by an employer for the training of an employee.

(5) An employer shall not employ any person under the age of sixteen years in a technical or mechanical capacity in the industry.

10. Holidays.

(1) The provisions herein contained are not intended to reduce the number of paid holidays received by an employee prior to the date of this Agreement in excess of the number provided hereunder.

(2) An employer shall allow and require his employee to take, and an employee shall take, in accordance with the provisions herein set forth, a minimum of three weeks' paid holiday leave during each year, and three special holidays, namely, New Year's Day, Good Friday, and Christmas Day. The ordinary annual holiday leave shall accrue proportionately in respect of the calendar year. The special holidays accrue in respect of the working week in which they fall, provided the employee is in the employment of the employer prior to the special holiday and during the working week. Holiday pay shall be paid at the rate of the regular wage the employee is in receipt of when he takes his holiday.

(3) Annual holiday leave shall be subject to the convenience of the employer, who shall arrange, wherever possible, to give at least one month's notice thereof. When one month's notice is not given, the employer shall make all arrangements through the Chapel, or, where no Chapel exists, through the Joint Board concerned. Employees shall take their annual holiday leave in an unbroken period. Annual leave shall be allowed and taken within the calendar year for which such leave is due, which leave shall be proportionate to the period served during that calendar year. Provided that annual leave in excess of two weeks may be allowed to accumulate with the permission of the Joint Board concerned, or the Standing Committee, in which case the employer shall deposit with the local Branch of the Trade Union, at the time the employee takes his leave, the money due to the employee for the postponed leave, to be held in trust for such employee until he takes the holiday leave due to him.

(4) In the Municipal Area of Capetown arrangements may be made between the Chapel and employer for employees to take one week's holiday and the balance in ordinary or statutory holidays, and be paid therefor, in lieu of the annual holiday leave provided in sub-section (3) of this section. In country newspaper offices special cases of hardship in respect of taking annual leave may be dealt with by the Standing Committee, who may grant permission for a portion of the annual holiday leave to be taken on statutory holidays other than the three mentioned in sub-section (2) of this Section, or such other convenient days as may be arranged.

(5) Where an employer, at his discretion, permits an employee to take annual leave referred to in sub-section (3) hereof at a time when the full period of such holiday has not accrued, it shall be understood as follows, viz.:—

(*a*) The employer shall be entitled to claim and receive from the next employer of the employee concerned the sum equivalent to the paid holidays for which the next employer would otherwise be liable in the calendar year.

(*b*) Any such employee who voluntarily leaves his employment or is dismissed for reasons justifying dismissal shall be liable to refund to his employer the sum equivalent of any such excess holiday as he may have been given.

(*c*) Any employee whose employment is terminated through no fault of his own shall not be liable to make any refund or perform any gratuitous service in respect of any excess holiday pay he may have received, provided that on his obtaining new employment the case shall be dealt with as stipulated in paragraph (*a*) of this sub-section.

(6) (*a*) 'n Werknemer wat sy werkgewer se diens verlaat, is geregtig tot 'n gelykstaande loonbetaling pleks van vakansieverlof wat kragtens subartikel (3) hiervan opgeloop het en sy werkgewer moet dit onverwyld en by diensbeeindiging aan hom betaal. Sodanige verlofbetaling moet bereken word teen 3/49stes van 'n weekloon vir elke week gewerk. Betaling vir onderbroke weke moet proporsioneel geskied.

(*b*) Indien die dienstydperk oor 'n termyn van vier weke of langer strek, word dit beskou dat die werknemer in gereelde diens is en is hy geregtig tot verlofbetaling vir die hele tydperk, selfs al het hy gedurende 'n deel van daardie tydperk nie volle tyd gewerk nie.

(*c*) Ingeval 'n werknemer nie in staat is om die verlof, wat deur sodanige verlofbetaling verteenwoordig word, te neem nie, deurdat hy onmiddellik by 'n ander werkgewer diens moet aanvaar, moet sodanige verlofbetaling deur die werknemer aan die Sekretaris van die plaaslike tak van die Vakvereniging uitbetaal word, om deur hom as agent van die Raad vir sodanige werknemer bewaar te word, totdat hy sy jaarlikse verlof kan neem, met dien verstande dat, vir die toepassing van hierdie artikel, geen werknemer, wat in 'n bepaalde kalenderjaar vir 'n tydperk van drie weke werkloos is, verplig is om jaarlikse verlof te neem nie.

(7) Werkgewers moet die lone, verskuldig ten opsigte van jaarlikse verlof wat geneem word, betaal voordat die betrokke werknemers op verlof gaan.

(8) 'n Werkgewer moet op versoek van die Staande Komitee of die plaaslike Gesamentlike Raad 'n opgawe verstrek van werknemers aan wie jaarlikse verlof nie toegestaan is nie.

(9) Aan werknemers moet op Nuwejaarsdag, Goeie Vrydag en Kersdag 'n betaalde vakansiedag toegestaan word, indien hulle in die loop van die werkweek waarin enigeen van hierdie spesiale vakansiedae val en voor die werklike vakansiedag, gewerk het; met dien verstande dat 'n werkgewer deur 'n week vooruit daarvan kennis te gee aan die Kapel, Tweede Kersdag in plaas van Nuwejaarsdag en Paasmaandag in plaas van Goeie Vrydag mag stel, en in sodanige geval is die bepalings van hierdie subartikel betreffende Nuwejaarsdag en Goeie Vrydag van krag ten opsigte van die vervange dae. Aan 'n werknemer wat op enige van die drie spesiale vakansiedae hierin genoem, moet werk, moet vir die hele dag dubbel die gewone loon betaal word en in die geval van Kersdag moet daar bo op nog 'n ander dag vakansie met betaling gegee word. Ingeval enige van die bogenoemde spesiale betaalde vakansiedae op 'n Sondag val moet die daarop volgende dag beskou word as die betaalde vakansiedag, met dien verstande dat die Staande Komitee in die geval van oggendkoerante van hierdie bepaling vrystelling kan verleen.

(10) Betaling vir werk wat gedoen word op wetlike vakansiedae, behalwe die betaalde vakansiedae bepaal in subartikel (9) hierbo, moet geskied teen die gewone skale. 'n Werkgewer wat voornemens is om sy inrigting, of enige gedeelte daarvan, op 'n wetlike vakansiedag te sluit, moet die betrokke werknemers minstens twee uur voor die gewone sluitingsuur, op die tweede werkdag voor sodanige vakansiedag, daarvan in kennis stel. As 'n werkgewer, na hy sodanige kennis gegee het, eis dat 'n werknemer moet werk op 'n wetlike vakansiedag, moet die werknemer vir so 'n dag se werk loon ontvang gelykstaande aan minstens die loon vir een-en-'n-halwe dag.

11. Tyd- en Loonregisters.

(1) Die aandag word gevestig op artikel 57 van die Wet waarby elke werkgewer, op wie 'n ooreenkoms bindend gemaak is, verplig word om, ten opsigte van al sy werknemers, aantekening van lone wat betaal, tyd wat gewerk en sodanige ander besonderhede wat deur die regulasies voorgeskrywe is, te hou in die vorm voorgeskryf by regulasies ingevolge daardie Wet.

(2) 'n Werkgewer moet van sy werknemers eis, en werknemers moet daaraan voldoen, om daaglikse werkstate in te dien soos onderstaande voorbeeld aantoon, wat deur die werkgewer verstrek moet word, en moet die soort werk gedoen, en die ure wat elke afsonderlike werk vereis het, aantoon. Van sodanige daaglikse werkstate moet 'n werkgewer die Tyd- en Loonregister pos, en moet sodanige daaglikse werkstate vir ondersoek vir ten minste drie jaar hou.

DAAGLIKSE TYDSTAAT.

Naam van werknemer_____ Datum_____19___

Werk No.	Naam en beskrywing van werk.	Soort werk.	Tyd begin.	Tyd geneem.	Aanmerkings.

Ek verklaar hierby dat ek op bovermelde datum in diens was by die_____Druk, Ko., en het werk verrig soos aangetoon vir die tydperke hierbo aangegee.

Handtekening van werknemer_____

(6) (*a*) An employee leaving the service of an employer shall be entitled to and his employer shall pay him forthwith on termination of his employment an equivalent wages payment in lieu of any holiday leave accrued in terms of sub-section (3) hereof. Such holiday pay shall be calculated at the rate of 3/49ths of a week's wages for each week worked. Broken weeks shall be paid for in proportion.

(*b*) When the term of employment extends over a period of four weeks or more, the employee shall be regarded as regularly employed, and be entitled to holiday leave pay for the whole period, even if, during a portion of that period, he was not employed on full time.

(*c*) In the event of an employee being unable to take the holiday represented by such holiday pay, through having to start work immediately with a new employer, such holiday pay shall be paid over by the employee to the local Branch Secretary of the Trade Union, to be held in trust by him, as agent of the Council for such employee, until he is able to take his annual holiday, provided that for the purpose of this Section no employee shall be compelled to take annual leave who has been unemployed for a period of three weeks in the calendar year.

(7) Employers shall pay the wages due in respect of annual leave to be taken before the employees concerned proceed on such leave.

(8) An employer shall submit on request from the Standing Committee or the Local Joint Board a return of employees who have not been granted annual leave.

(9) Employees shall receive a paid holiday for New Year's Day, Good Friday, and Christmas Day, should they be employed during the working week in which any one of these special holidays falls and prior to the actual holiday. Provided that Boxing Day may be substituted for New Year's Day and Easter Monday may be substituted for Good Friday, by the employer giving notice to the Chapel one week in advance, in which case the provisions of this sub-section relating to New Year's Day and Good Friday shall apply in respect of the substituted days. An employee required to work on any of the three special paid holidays mentioned herein shall be paid for the whole day at double time and, in the case of Christmas Day, shall, in addition, be given another day's holiday with pay. Should any of the above-mentioned special paid holidays fall on a Sunday, the following day shall be regarded as the paid holiday, provided that the Standing Committee may grant exemptions from this provision in the case of morning newspapers.

(10) Work on statutory holidays other than the paid holidays provided for in sub-section (9) above shall be paid for at ordinary rates. An employer who intends to close his establishment, or any portion thereof, on a statutory holiday shall give notice thereof to the employees affected at least two hours before the ordinary closing hour on the second working day prior to such holiday. Should an employer, after having given such notice, require any employee to work on such day, he shall pay such employee at least one and a half days' pay therefor.

11. Time and Wages Registers.

(1) Attention is drawn to section *fifty-seven* of the Act, which requires every employer upon whom any agreement has been made binding in terms of the Act to keep, in the form prescribed by regulation, in respect of all persons employed by him, records of remuneration paid, time worked and such other particulars as are prescribed by regulation.

(2) An employer shall require his employees to submit daily, and employees shall so submit to their employer, time sheets, as per specimen below, which shall be furnished by the employer, showing the class of work performed and the hours spent upon each separate job. From such daily time sheets an employer shall post the Time and Wages Register, and shall retain such daily time sheets for inspection for at least three years.

DAILY TIME-SHEET.

Name of Employee_____ Date_____19___

Job No.	Name and Description of Job.	Kind of Work.	Time Started.	Time Taken.	Remarks.

I hereby declare that on the above date I was employed by the_____Printing Co., and performed work as indicated for the periods shown above.

Signature of Employee_____

12. DIENSSERTIFIKATE.

Ten einde die lone betaalbaar aan werknemers, van wie die lone op duur en ervaring baseer is, te kan vasstel en vir die doeleindes van die reglemente van die Gesamentlike Werkloosheidsfonds, soos uiteengesit in die konstitusie van die Raad en vir die doeleindes van die Voorsieningsfonds, moet elke werkgewer aan elke sodanige werknemer wanneer hy sodanige werkgewer se diens verlaat, gratis 'n dienssertifikaat uitreik en 'n afskrif van sodanige sertifikaat aan die plaaslike Sekretaris van die betrokke tak van die Vereniging stuur; die sertifikaat moet die werknemer se volle naam, adres, beroep en die loon betaal, aantoon, asook die datums waarop hy by die werkgewer in en uit diens getree het en die rede waarom sy diens beëindig is.

13. VRYSTELLINGS.

(1) Enige werknemer wat weens ouderdom of liggaamsgebrek onbekwaam is om die werk wat gewoonlik deur 'n liggaamlik gesonde werknemer verrig word, te doen, kan teen sodanige loon en op sodanige voorwaardes, as skriftelik deur die Staande Komitee goedgekeur word, in diens geneem word. Voorlopige vrystellingsertifikate kan in sodanige gevalle deur Gesamentlike Rade uitgereik word en hulle bly geldig totdat hulle deur die Staande Komitee goed- of afgekeur word.

(2) Die Staande Komitee moet, op versoek, aan werknemers wat in gebiede „ B ", „ C " en „ D " onmiddellik voor hierdie Ooreenkoms van krag word by dieselfde werkgewer in diens was en wie se loonskale as gevolg van die hergradering van gebiede, verandering ondergaan het, vrystellingsertifikate uitreik ten einde hulle in staat te stel om in diens gehou te word teen hul vorige loonskale of teen enige sodanige tussenloonskale as wat gereël mag word.

(3) Werkgewers in gebiede „ B " en „ C " word vrygestel ten opsigte van elke werknemer wie se loonskale in artikel 4 (1) (*a*) en (*b*) van hierdie Ooreenkoms voorgeskryf is ten einde hulle in staat te stel om pleks van die bedrae gespesifiseer in artikel 14 van hierdie Ooreenkoms, die bedrag van 3s. (drie sjielings) per week tot die Raadsfonds by te dra. Sodanige bydraes is ten opsigte van die Algemene Fonds, 2d. (twee pennies), die Gesamentlike Werkloosheidsfonds, 4d. (vier pennies) en die Voorsieningsfonds, 2s. 6d. (twee sjielings en ses pennies). Werkgewers in die afdeling van die bedryf waarin papiersakke vervaardig word, moet ten opsigte van elke werknemer by die vervaardiging van papiersakke, vrygestel word van die betaling van bydraes tot die Voorsieningsfonds.

(4) Spesiale vrystelling van die bepalings van hierdie Ooreenkoms behalwe ingevolge artikel 19 (2) en (3), kan in die geval van enige ander persoon skriftelik verleen word deur die Staande Komitee, wat by die vasstelling van die lone en ander voorwaardes, waarop vrystelling verleen word, die aanbeveling van die Gesamentlike Raad in die betrokke gebied in aanmerking moet neem.

(5) Die Sekretaris van die Raad moet aan elke persoon of inrigting aan wie vrystelling verleen word, 'n sertifikaat deur hom onderteken namens die Raad, uitreik waarin die loon, wat betaal moet word en enige voorwaardes, wat afwyk van die voorwaardes vasgestel in hierdie Ooreenkoms, vermeld word en die sertifikaat, of 'n afskrif daarvan, gesertifiseer deur genoemde Sekretaris, is die enigste getuienis wat as bewys van sodanige vrystelling aangeneem word.

(6) Die Staande Komitee kan, nadat aan die betrokke werkgewer en werknemer een week vooraf skriftelik kennis gegee is, enige vrystellingsertifikaat terugtrek, of die termyn waarvoor vrystelling verleen was verstryk het of nie.

14. BYDRAES TOT DIE ALGEMENE FONDS, GESAMENTLIKE WERKLOOSHEIDSFONDS EN VOORSIENINGSFONDS.

(1) *Algemene Fonds.*—Elke werkgewer moet, ten opsigte van elke werknemer in sy diens vir wie in artikel 4 (1) (*a*) en (*b*) van hierdie Ooreenkoms lone voorgeskryf word, en ten opsigte van vakleerlinge gedurende die laaste vakleerlingskapjaar, weekliks 4d. (vier pennies), en ten opsigte van elke werknemer vir wie in artikel 4 (1) (*c*) en (*e*) van hierdie Ooreenkoms lone voorgeskryf word, en ten opsigte van vakleerlinge gedurende die twee jaar onmiddellik voor die laaste vakleerlingskapjaar, weekliks 2d. (twee pennies) tot die Algemene Fonds van die Raad bydra.

(2) *Gesamentlike Werkloosheidsfonds.*—Elke werkgewer moet ten opsigte van elke werknemer in sy diens, wat lid van die Vakvereniging is en vir wie in artikel 4 (1) (*a*) en (*b*) van hierdie Ooreenkoms lone voorgeskryf word, weekliks die bedrag van 4s. 8d. (vier sjielings en agt pennies) en 1s. 8d. (een sjieling en agt pennies) weekliks vir vakleerlinge in hulle laaste vakleerlingskapjaar en 4d. (vier pennies) weekliks vir elke werknemer in sy diens wat lid van die Vakvereniging is en vir wie lone in artikel 4 (1) (*c*) en (*e*) van hierdie Ooreenkoms voorgeskryf word, en vir vakleerlinge gedurende die twee jaar onmiddellik voor hul laaste vakleerlingskapjaar, tot die Gesamentlike Werkloosheidsfonds van die Raad bydra.

OPMERKING.—Vir uitsonderings in gebiede „ B " en „ C ", kyk na artikel 13 (3).

(3) *Voorsieningsfonds.*—Elke werkgewer moet tot die Voorsieningsfonds van die Raad die bedrag van 5s. (vyf sjielings) per week bydra ten opsigte van elke werknemer wat by hom in diens en 'n lid van die Vakvereniging is en vir wie lone in artikel 4 (1) (*a*) en (*b*) van hierdie Ooreenkoms voorgeskryf

12. CERTIFICATES OF EMPLOYMENT.

For the purpose of determining the wages payable to employees whose wages are based on the length of their experience and for the purposes of the Joint Unemployment Fund regulations, as set out in the Constitution of the Council, and for the purposes of the Provident Fund, every employer shall issue a certificate of employment free of charge to each such employee at the time when he leaves such employer's service, and a duplicate copy of such certificate to the local Branch Secretary of the Union; the certificate shall show the employee's name in full, address, occupation and rate of wages paid, together with the dates of his entering and leaving the service of the employer and the reason for the termination of employment.

13. EXEMPTIONS.

(1) Any employee who, on account of old age or infirmity, is unable to do the work normally performed by an able-bodied employee, may be employed at such wages and under such conditions as may be approved in writing by the Standing Committee. Provisional certificates or licences of exemption in such cases may be issued by Joint Boards, and shall operate until confirmed or otherwise by the Standing Committee.

(2) In respect of employees in Areas " B ", " C " and " D " who were employed by the same employer immediately prior to the coming into force of this Agreement, and whose wage scales have been altered as the result of the regrading of areas, the Standing Committee shall, on request, grant exemption certificates or licences to enable them to continue to be employed on their previous scale of wages or at any such intermediate rate of wages as may be arranged.

(3) Employers in Areas " B " and " C " shall be exempted in respect of each employee whose rates of wages are prescribed in Section 4 (1) (*a*) and (*b*) of this Agreement, enabling them to contribute to the Council Funds the sum of 3s. (three shillings) per week in place of the amounts specified in Section 14 of this Agreement. Such contributions shall be in respect of the General Fund 2d. (twopence), the Joint Unemployment Fund 4d. (fourpence), and the Provident Fund 2s. 6d. (two shillings and sixpence). Employers in the paper-bag making section of the industry shall be exempted in respect of each paper-bag making employee from payment of contributions to the Provident Fund.

(4) Special exemption from the terms of this Agreement, save in respect of Section 19 (2) and (3), may in the case of any other person be granted in writing by the Standing Committee, which shall, in fixing the wages and other conditions under which the exempted person may be employed, give consideration to the recommendation of the Joint Board in the area concerned.

(5) The Secretary of the Council shall issue to every person or establishment granted exemption a certificate or licence signed by him for and on behalf of the Standing Committee, setting out the wages to be paid and conditions which are a departure from the conditions laid down in this Agreement, which certificate or licence, or a copy certified by the said Secretary, shall be the only evidence admissible of the terms of such exemption.

(6) The Standing Committee may, after one week's notice in writing to the employee and employer concerned, withdraw any exemption certificate or licence, whether or not the period for which exemption was granted has expired.

14. GENERAL FUND, JOINT UNEMPLOYMENT FUND AND PROVIDENT FUND CONTRIBUTIONS.

(1) *General Fund.*—Every employer shall contribute to the General Fund of the Council 4d. (fourpence) per week for each employee employed by him for whom wages are prescribed in Section 4 (1) (*a*) and (*b*) of this Agreement, and for apprentices during the last year of their apprenticeship; and 2d. (twopence) per week for each employee for whom wages are prescribed in Section 4 (1) (*c*) and (*e*) of this Agreement, and for apprentices during the two years immediately preceding their last year of apprenticeship.

(2) *Joint Unemployment Fund.*—Every employer shall contribute to the Joint Unemployment Fund of the Council the sum of 4s. 8d. (four shillings and eightpence) per week in respect of each employee employed by him who is a member of the Trade Union and for whom wages are prescribed in Section 4 (1) (*a*) and (*b*) of this Agreement; 1s. 8d. (one shilling and eightpence) per week in respect of apprentices in the last year of their apprenticeship; and 4d. (fourpence) per week for each employee employed by him who is a member of the Trade Union and for whom wages are prescribed in Section 4 (1) (*c*) and (*e*) of this Agreement and for apprentices in the two years immediately preceding their last year of apprenticeship.

NOTE.—For exceptions in Areas " B " and " C ", see Section 13 (3).

(3) *Provident Fund.*—Every employer shall contribute to the Provident Fund of the Council the sum of 5s. (five shillings) per week in respect of each employee employed by him who is a member of the Trade Union and for whom wages are prescribed in Section 4 (1) (*a*) and (*b*) of this Agree-

is, en 2s. 6d. (twee sjielings en ses pennies) per week ten opsigte van elke werknemer by hom in diens en wat 'n lid van die Vakvereniging is met twee jaar of langer ervaring in die bedryf en vir wie lone in artikel 4 (1) (*c*) van hierdie Ooreenkoms voorgeskryf is.

OPMERKING.—Vir uitsonderings in gebiede „ B " en „ C ", kyk na artikel 13 (3).

(4) Werkgewers in alle gebiede behalwe „ B " en „ C " is geregtig om, ten opsigte van werknemers wat in hulle diens is, wat lede van die Vakvereniging is en vir wie in artikel 4 (1) (*a*) en (*b*) van hierdie Ooreenkoms lone voorgeskryf word, 'n deel van die bydraes nie 2s. (twee sjielings) weekliks te bowegaande nie, vermeld in subartikels (1) en (2) hiervan, van die lone verskuldig aan genoemde werknemers af te trek.

(5) Ten einde betaling van alle bydraes betaalbaar deur werkgewers, ooreenkomstig die bepalings van hierdie artikel, ten opsigte van werknemers wat lede van die Vakvereniging is te vergemaklik, moet betaling geskied deur van die Sekretaris van die Raad by sy adres seëls wat vir genoemde doel beskikbaar gestel is, te koop; genoemde seëls moet deur werkgewers weekliks in die Gesamentlike Werkloosheidsfonds-kontribusieboekies van die betrokke werknemers geplak word.

(6) Bydraes tot die Algemene Fonds ten opsigte van werknemers wat nie lede van die Vakvereniging is nie, moet maandeliks en binne 30 dae nadat dit verskuldig geraak het deur die werkgewer aan die Sekretaris van die Raad by sy adres betaal word.

(7) Alle fondse en gelde met inbegrip van die Algemene Fonds word deur die Raad kragtens sy konstitusie beheer.

(8) Met die doel om die werkloosheidsfonds wat vir die bedryf in wording is, aan te help, ingevolge die Werkloosheid-bystandswet, kan 'n aanvullings Ooreenkoms bygevoeg word wat die bepalings toepaslik op die Gesamentlike Werkloosheidsfonds wysig.

15. REGLEMENT VAN DIE GESAMENTLIKE WERKLOOSHEIDSFONDS.

(1) Die doel van die Fonds is die verstrekking van werkloosheidstoelae gedurende werkloosheid aan sodanige werknemers in die bedryf wat lede van die Fonds is ooreenkomstig die reglement ingevolge die grondreëls van die Raad opgestel.

(2) Lidmaatskap van die Fonds is verpligtend vir die onderstaande klasse werknemers wat lede van die Vakvereniging is, te wete:—

(*a*) Alle vakmanne, hierin verder genoem Graad A.
(*b*) Alle ander werknemers met inbegrip van vakleerlinge gedurende die laaste drie jaar van vakleerlingskap, hierin verder genoem Graad B.

(3) (*a*) Die Raad moet spesiale seëls van geskikte waarde verskaf, wat op aanvraag aan individuele werkgewers verkoop moet word.

(*b*) Die Raad moet elke werknemerlid van die Fonds voorsien met 'n kontribusieboekie, waarin seëls ter waarde van sy bydrae aan die Fonds geplak kan word.

(*c*) Elke werkgewer moet weekliks in die kontribusieboekie van elkeen van sy werknemers 'n seël plak wat die bedrag van die gesamentlike weeklikse bydrae van werkgewer sowel as werknemer verteenwoordig.

(*d*) Kontribusieboekies mag deur die werkgewer gehou word maar dit bly die eiendom van die Raad en mag enige tyd ondersoek word deur persone aangestel of daartoe gemagtig deur die Staande Komitee. Sodanige boeke moet op sy versoek of by beëindiging van sy diens aan die werknemer oorhandig word.

(*e*) Die kontribusieboekie van 'n werknemer vorm die kwitansie vir bydraes tot die Fonds en dien tesaam met die dienssertifikaat van die werkgewer, as bewys van die werknemer se reg om toelae van die Fonds ooreenkomstig hierdie reglement te eis. Ingeval 'n kontribusieboekie verlore raak, is 'n werknemer geregtig tot 'n nuwe boekie teen betaling van die bedrag van 2s. 6d.

(4) Dit is 'n voorwaarde van lidmaatskap van die Fonds dat geen werknemerlid daartoe geregtig is om die onderstand wat aan hom uit die Fonds verskuldig is, oor te maak of te belas nie.

(5) Die weeklikse bydraes tot die Fonds is nie betaalbaar gedurende enige week waarin die lid minder as helfte van die gewone loon verdien het nie.

(6) Enige werkgewer moet, wanneer hy deur die Sekretaris van die Raad daartoe versoek word, 'n lys van sy werknemers verstrek waarin dié onder Graad A en dié onder Graad B gespesifiseer word.

16. VOORSIENINGSFONDS.

Die Voorsieningsfonds beoog die betaling van aftree- en sterfgeval-toelaes aan dié werknemers in die nywerheid wat lede van die Vakvereniging is. Die bydraes tot die Fondse is soos voorgeskryf in artikel 14 van hierdie Ooreenkoms.

17. STAKINGS, UITSLUITINGS EN GESKILLE.

Die aandag word gevestig op artikel 65 van die Wet wat stakings en uitsluitings onder bepaalde omstandighede verbied.

18. TOEPASSING VAN FABRIEKSWET, 1918.

(1) Niks in hierdie Ooreenkoms het die uitwerking om enige vermeerdering in die maksimum aantal werk- of oortydwerkure, toegelaat ingevolge die Fabriekswet, 1918, wettig te maak, of om die tewerkstelling van enige persoon gedurende enige ure wanneer tewerkstelling van sodanige persoon ingevolge daardie Wet verbode is, toe te laat nie.

ment, and 2s. 6d. (two shillings and sixpence) per week in in respect of each employee employed by him who is a member of the Trade Union who has had two years' or more experience in the industry, and for whom wages are prescribed in Section 4 (1) (*c*) of this Agreement.

NOTE.—For exceptions in Areas " B " and " C ", see Section 13 (3).

(4) Employers in all areas except " B " and " C " shall be entitled to deduct from the wages of employees employed by them who are members of the Trade Union, and for whom wages are prescribed in Section 4 (1) (*a*) and (*b*) of this Agreement a proportion of the contributions referred to in sub-sections (1) and (2) hereof not exceeding the sum of 2s. (two shillings) per week.

(5) In order to facilitate the payment of all contributions payable by employers in accordance with the provisions of this Section in respect of employees who are members of the Trade Union, payment shall be effected by purchasing from the Secretary of the Council at his address stamps provided for the said purpose, which stamps shall be affixed weekly by employers to the respective employees' Joint Unemployment Fund contribution books.

(6) Contributions to the General Fund in respect of employees who are not members of the Trade Union shall be paid monthly by the employer to the Secretary of the Council at his address not later than 30 days after accrual.

(7) All Funds or moneys, including the General Fund, shall be administered in terms of the Constitution of the Council.

(8) For the purpose of giving effect to the unemployment fund which is in the course of being established for the industry in terms of the Unemployment Benefit Act, a supplementary Agreement may be concluded modifying the terms applicable to the Joint Unemployment Fund.

15. JOINT UNEMPLOYMENT FUND REGULATIONS.

(1) The object of the Fund shall be the provision of unemployment benefit during periods of unemployment to such employees in the industry as are members of the Fund in terms of regulations framed under the Constitution of the Council.

(2) Membership of the Fund shall be compulsory upon the following classes of employees who are members of the Trade Union, viz.:—

(*a*) All journeymen, hereinafter referred to as Grade A.
(*b*) All other employees, including apprentices during the last three years of apprenticeship, hereinafter referred to as Grade B.

(3) (*a*) The Council shall provide special stamps of suitable denominations, which shall be sold on requisition to individual employers.

(*b*) The Council shall provide for each employee member of the Fund a contribution book for the purpose of affixing stamps covering the amount of contributions to the Fund.

(*c*) Each employer shall affix weekly in the contribution book of each of his employees a stamp representing the amount of the joint weekly contributions of both employer and employee.

(*d*) Contribution books may be kept by the employer, but shall remain the property of the Council, and shall be subject to inspection at any time by persons appointed or authorised by the Standing Committee. Such books shall be handed over to the employee at his request or at the termination of his employment.

(*e*) The employee's contribution book shall constitute the receipt for contributions to the Fund, and, together with the employer's certificate of employment, shall establish the employee's right to claim benefit from the Fund in accordance with these regulations. In the event of a contribution book being lost, an employee shall be entitled to a new book upon payment of the sum of 2s. 6d.

(4) It is a condition of membership of the Fund that no employee member shall be entitled to assign or charge any of the benefit due to him from the Fund.

(5) The weekly contributions to the Fund shall not be payable in any week in which the member earns less than half wages.

(6) Any employer, when requested by the Secretary of the Council, shall supply a list of his employees, specifying those under Grade A and those under Grade B.

16. PROVIDENT FUND.

The object of the Provident Fund shall be the provision of retirement allowances and mortality grants in respect of employees in the industry who are members of the Trade Union. The contributions to the Fund shall be as prescribed in Section 14 of this Agreement.

17. STRIKES, LOCK-OUTS AND DISPUTES.

Attention is drawn to section *sixty-five* of the Act, which prohibits strikes and lock-outs in certain circumstances.

18. APPLICATION OF FACTORIES ACT, 1918.

(1) Nothing in this Agreement shall operate to make lawful any increase in the maximum number of working or overtime hours allowed under the Factories Act, 1918, or to allow the employment of any person during any hours in which the employment of such persons is prohibited under that Act.

(2) Werknemers aan wie, ingevolge artikel 27 van die Fabriekswet, 1918, van die beperkings van daardie Wet betreffende werkplek of werkure of verlof vrystelling verleen is, word nie deur die bepalings van hierdie Ooreenkoms in verband met sodanige sake geraak nie.

19. Vakvereniging-lidmaatskap.

(1) Die werkgewers moet met die werknemers saamwerk vir die handhawing van die tug van die Vakvereniging. Ingeval 'n werknemer, wat lid van die Vakvereniging is, versuim om 'n boete deur die vereniging opgelê, te betaal, word die saak deur die betrokke Gesamentlike Raad behandel, wat van die betrokke werkgewer kan eis dat hy die werknemer, wat in gebreke bly, ontslaan indien die boete nie betaal word nie.

(2) Geen werkgewer, wat lid van die werkgewersorganisasie is, mag 'n vakman in diens neem nie, tensy sodanige werknemer lid van die Vakvereniging is of in besit van 'n voorlopige lidmaatskapkaart van die Vakvereniging is, en geen sodanige werkgewer mag enige ander persoon met meer as drie maande ervaring in die bedryf in 'n tegniese of werktuigkundige hoedanigheid in diens neem nie, tensy sodanige werknemer lid van die Vakvereniging is.

(3) Lede van die Vakvereniging mag nie in diens tree by werkgewers wat nie lede van een van die Werkgewersorganisasies is nie of by werkgewers wat deur hul organisasie geskors is nie.

(4) Voormanne wat alleenlik as opsieners in diens is, val nie onder enige bepaling van hierdie artikel nie. Dit word nie verlang dat voormanne wat lede van die Vakvereniging is vergaderings van die Vakvereniging moet bywoon nie en hulle word nie gestraf as hulle van sulke vergaderings afwesig is nie.

(5) Die bepalings van subartikels (2) en (3) hiervan is nie van toepassing op—

(*a*) lede van die Vakvereniging wat buite dié bedryf in diens is nie, of

(*b*) 'n werkgewer wat lid van die Werkgewersorganisasie is nie, in verband met die voortgesitte diens van sodanige werknemers, wat op 31 Desember 1938 deur die Raad vrygestel is van lidmaatskap van die Vakvereniging, of

(*c*) 'n werknemer wat lid van die Vakvereniging is, in verband met sy voortgesitte diens by 'n werkgewer wat op 31 Desember 1938 nie lid van die Werkgewersorganisasie was nie.

20. Opleiding van Vakmansetters as Masjiensetters.

(1) Werkgewers, wat voorsiening vir die opleiding van vakleerlinge op setmasjiene maak, moet ook aan gekose vakmansetters die geleentheid gee om (gedurende die werknemer se eie tyd) op die masjiene te oefen, en die koste van bediening moet deur sodanige werknemers gedra word. Werk, wat gedurende die opleidingstydperk geset word, mag nie gebruik word nie.

(2) Wanneer sodanige vakmansetters 'n snelheid van meer as 5,000 vierkantjies per uur bereik het, moet aan hulle die eerste geleentheid gegee word om vir 'n termyn van drie maande voltyd op die masjiene te werk en gedurende daardie termyn moet aan hulle die minimum loon vir vakmansetters betaal word en hulle moet die gewone aantal werkure vir sodanige werknemers werk. Na voltooiing van die opleidingstermyn van drie maande word hulle as gekwalifiseerde vakmansetters beskou.

(3) Die werkgewer moet in oorleg met die voorman en die Kapel bepaal of lettersetters verkiesbaar is vir opleiding op setmasjiene of nie.

(4) Hierdie artikel word nie so toegepas dat dit met artikel 21 (4) (*b*) van hierdie Ooreenkoms, wat voorsiening maak vir die opleiding van vakmanne op setmasjiene geheel en al op koste van die werkgewer, in stryd is nie.

21. Werkreglement.

Die werkreglement hierin verder uiteengesit moet nageleef word deur en is bindend op werkgewers sowel as werknemers in die bedryf.

(1) *Verknoeide Werk.*

'n Werkgewer mag nie van 'n werknemer eis dat hy vir verknoeide of beskadigde werk betaal nie, en 'n werknemer mag nie daarvoor betaal of 'n ooreenkoms aangaan om daarvoor te betaal nie, ook is 'n werknemer nie aanspreeklik om vir materiaal of masjienerie, wat in die gewone loop van werk beskadig word, te betaal nie, met dien verstande dat 'n werkgewer, wat meen dat verknoeiing of beskadiging aan growwe nalatigheid van 'n werknemer te wyte is, die saak aan die Sekretaris van die tak van die Vakvereniging kan rapporteer, sodat ondersoek ingestel kan word, en daarna kan die saak verwys word na die betrokke Gesamentlike Raad, wat aan die Vakvereniging kan aanbeveel dat tugmaatreëls geneem word.

(2) *Tegniese Onderwys.*

(*a*) 'n Werkgewer mag aan geen ander as vakleerling- of vakmanlede van die Vakvereniging tegniese onderwys, of opleiding in 'n vak aangewys ingevolge die „ Vakleerlingen Wet ", in sy besigheid gee nie, en geen werknemers behalwe die genoemde, mag sodanige tegniese onderwys of opleiding ontvang nie, maar dit belet egter nie dat 'n persoon van die administratiewe personeel van 'n inrigting vir prysberekening en die tegniek van doeltreffende bestuur, opgelei word nie.

(*b*) Geen werk uit 'n tegniese klas mag deur 'n werkgewer oorgeneem of gebruik word nie, en sodanige werk mag ook nie in konkurrensie met werk van 'n privaatonderneming gebring word nie.

(2) Employees to whom exemption from the restrictions under the Factories Act, 1918, in respect of place or hours of work or holidays has been granted in terms of section *twenty-seven* of that Act, shall not be affected by the provisions of this Agreement relating to such matters.

19. Trade Union Membership.

(1) The employers shall co-operate with the employees in maintaining the discipline of the Trade Union. Where any employee who is a member of the Trade Union is in default under a penalty imposed by the Trade Union, the matter shall be dealt with by the Joint Board concerned, which may require the employer concerned to dismiss the employee in default if the penalty is not complied with.

(2) No employer who is a member of the Employers' Organisation shall engage or employ a journeyman unless such employee is a member of the Trade Union or holds a provisional membership card of the Trade Union, and no such employer shall engage or employ any other person in a technical or mechanical capacity who has more than three months' experience in the industry unless such employee is a member of the Trade Union.

(3) Members of the Trade Union shall not accept employment with employers who are not members of one of the Employers' Organisations or who are under suspension by their organisation.

(4) Foremen employed in a supervisory capacity only shall be excluded from the whole of this Section. Foremen who are members of the Trade Union shall not be required to attend meetings of the Trade Union or be penalised for non-attendance at such meetings.

(5) The provisions of sub-sections (2) and (3) hereof shall not apply—

(*a*) to members of the Trade Union who are employed outside the industry, or

(*b*) to an employer who is a member of the Employers' Organisations, in relation to the continued employment of such employees, who, at 31st December, 1938, were exempted from membership of the Trade Union by the Council, or

(*c*) to an employee, who is a member of the Trade Union, in relation to his continued employment by an employer who, at the 31st December, 1938, was not a member of the Employers' Organisations.

20. Training of Journeymen Compositors as Typesetting Machine Operators.

(1) Employers providing facilities for training apprentices on typesetting machines shall also allow selected journeymen compositors opportunities (in the employee's own time) for training on machines, the cost of attendance being borne by such employees. Matter set during the period of training shall not be used.

(2) When such journeymen compositors have attained a speed of over 5,000 ens per hour they shall be given the first opportunity to work full time on the machines for a period of three months, during which they shall be paid the minimum wages for journeymen compositors, and shall work the usual number of working hours for such employees. Upon the completion of the three months' period of training, they shall be regarded as qualified typesetting machine operators.

(3) The question of eligibility of compositors for training on typesettng machines shall be determined by the employer, in consultation with the foreman and the Chapel.

(4) This Section shall not be applied so as to conflict with Section 21 (4) (*b*) of this Agreement, which provides for journeymen to be trained upon typesetting machines entirely at the employers' expense.

21. Working Rules.

The working rules hereinafter set forth shall be observed by and be binding on both employers and employees in the industry.

(1) *Spoiled Work.*

An employer shall not require an employee to pay and no employee shall pay, or enter into an agreement to pay, for spoiled or damaged work, nor shall an employee be liable to pay for material or apparatus damaged in the ordinary course of business, provided that where an employer considers that spoilage or damage is due to gross negligence on the part of the employee he may report the matter to the Branch Secretary of the Trade Union for the purpose of enquiry, after which the matter may be reported to the Joint Board concerned, which may recommend to the Trade Union that disciplinary action be taken.

(2) *Technical Education.*

(*a*) No employer shall provide on his premises to other than apprentices or journeymen members of the Trade Union technical education or instruction in a trade designated under the Apprenticeship Act, and no employees other than those specified may so receive technical education or instruction, but this shall not debar any person on the administrative staff of an establishment from receiving instruction in costing and the technicalities of efficient management.

(*b*) No product of any technical class shall be taken over or used by any employer, nor shall such product be placed in competition with the products of private enterprise.

(3) *Setwerk.*

'n Werkgewer mag nie enige ander persoon as 'n vakman- of vakleerlingsetter aan setwerk soos omskryf in hierdie Ooreenkoms, te werk stel nie. Geen ander werknemer as 'n vakman- of vakleerlingsetter mag enige werk wat binne die omskrywing van setwerk val, verrig nie.

(4) *Masjiensetwerk.*

(*a*) Die lone wat voorgeskryf is in artikel 4 (1) vir masjiensetters is van toepassing in die geval van setters op alle soorte setmasjiene, met dien verstande dat in gebiede „ B " en „ C " Tipograaf-lettersetmasjienwerkers teen die lone en vir die ure van 'n vakmansetter mag werk en ook van die bepalings van paragraaf (*d*) van hierdie subartikel vrygestel mag word.

(*b*) Vakmansetters is, by oorplasing van hand- na masjiensetwerk met die doel om laasgenoemde te leer, geregtig tot twaalf maande opleiding, en gedurende daardie termyn moet hulle dieselfde getal ure as masjiensetters werk en teen die minimum loon vir vakmansetters betaal word.

(*c*) 'n Werkgewer mag nie van 'n masjiensetter eis om 'n bepaalde hoeveelheid werk te lewer nie en geen stelsel van bonusse of ander betalings wat oorhaasting of oordrewe wedywering aanmoedig, mag tussen 'n werkgewer en 'n werknemer aanvaar word nie.

(*d*) 'n Werkgewer mag nie van 'n masjiensetter eis om ingenieurs- of daglonerswerk te verrig nie; ingeval geen setmasjien-werktuigkundige in diens is nie, moet minstens een masjiensetter op dag- of nagskof, na gelang van die geval, as 'n setmasjien-werktuigkundige aangestel word. Dit is nie die bedoeling om 'n masjiensetter te belet om in geval van drang werktuigkundige hulp te verleen nie.

(5) *Proeflees.*

(*a*) 'n Werkgewer mag nie 'n werknemer toelaat om die betrekking van proefleser te beklee en geen werknemer mag daardie betrekking beklee nie, tensy hy teen minstens die minimum loon betaalbaar aan 'n vakman of 'n vakman-setter betaal word. In inrigtings waar geen vaste proefleser in diens is nie, mag 'n werkgewer nie toelaat dat 'n ander werknemer as 'n vakmansetter of 'n persoon wat belas is met die toesig oor die inrigting of afdeling, proewe lees nie en geen ander werknemer mag aldus proewe lees nie.

(*b*) Die hou van manuskrip by môrekoerante moet, waar moontlik, deur manlike lede van die Vakvereniging gedoen word

(6) *Stereotipeer.*

'n Werkgewer mag nie 'n ander persoon as 'n vakmanstereotipeur of vakleerling in die stereotipeervak (waar sodanige gereeld in diens is) te werk stel om matryse te berei, matryshouers te maak, plate te giet of af te werk of om skaaf- en groefmasjiene te bedien nie en geen werknemer wat nie sodanig gekwalifiseer is, mag sodanige werk verrig nie, tensy hy in besit van 'n vrystellingsertifikaat is wat hom toelaat om dit te doen en wat deur die Staande Komitee uitgereik is.

(7) *Letterpersdrukker.*

(*a*) Die onderstaande woordbepalings is, vir die doeleindes van hierdie subartikel, van toepassing:—

„ Vakleerling " beteken 'n vakleerling in die vak van letterpersdrukker;

„ kroonfolio " beteken die grootte 10 dm. by 15 dm. en dui die maksimum grootte aan van papiervel wat 'n masjien gewoonlik druk;

„ silinder " beteken 'n letterpers waarin die papier, of ander materiaal waarop gedruk moet word, deur 'n rondraaiende silinder gevoer word teen 'n plat drukvlak waarvan die afdruk geneem word;

„ masjienwerker " beteken 'n vakman-letterdrukker;

„ degelpers " beteken 'n letterpers waarin die papier of ander materiaal waarop gedruk moet word, in 'n plat toestand gevoer word teen 'n plat drukvlak waarvan die afdruk geneem word.

(*b*) Die werk van toesig en bediening, wat in hierdie subartikel vermeld word, sluit in gereedmaak, reël van inktoevoer, verander van mate en/of afdrukke op enige letterpers en/of algemene toesig oor die werk terwyl dit gedoen word.

(*c*) 'n Werkgewer mag nie 'n ander persoon as 'n masjienwerker of 'n vakleerling op werk (behalwe invoer van papier) in verband met die toesig oor en bediening van letterperse te werk stel nie, en geen persoon mag sodanige werk verrig nie, tensy hy sodanig gekwalifiseer is, met dien verstande dat degelperse (met uitsondering van outomatiese degels groter as kroonfolio) deur degelpersdrukkers, wat deur die Raad en ooreenkomstig die bepalings van paragraaf (*d*) hiervan as sulks geregistreer is, beheer en bedien mag word.

(*d*) (i) 'n Werkgewer mag nie 'n masjienwerker, vakleerling of degelpersdrukker toelaat om oor meer as vier degelperse wat met die hand gevoer word toesig te hou of hulle te bedien nie.

(ii) 'n Werkgewer mag nie 'n degelpersdrukker toelaat om oor outomatiese degelpersmasjiene groter as kroonfolio toesig te hou of om dit te bedien nie, behalwe soos waarvoor in paragraaf (*e*) van hierdie subartikel voorsiening gemaak is.

(3) *Composing.*

An employer shall not employ any person other than a journeyman compositor or compositor apprentice on composing as defined in this Agreement. No employee other than a journeyman compositor or compositor apprentice shall perform any work which falls within the definition of composing.

(4) *Typesetting Machine Operating.*

(*a*) The wages prescribed in Section 4 (1) for typesetting machine operators shall apply to operators of all classes of typesetting machines, provided that in Areas " B " and " C " operators of Typograph composing machines may work at journeymen compositors wages and work journeymen compositors' hours, and also be exempted from the provisions of paragraph (*d*) of this sub-section.

(*b*) Journeymen compositors, when transferred from hand composing for the purpose of learning typesetting machine operating shall be entitled to 12 months' tuition, during which period they shall work the same number of hours as typesetting machine operators and be paid the minimum rate of wages for journeymen compositors.

(*c*) No typesetting machine operator shall be required by an employer to produce a fixed amount of work, and no system of bonus or other payments which offer inducements to racing or undue competition shall be agreed upon between the employer and employee.

(*d*) No typesetting machine operator shall be required by an employer to do engineers' or labourers work; where no typesetting machine mechanic is employed, at least one operator, on day or night shift, as the case may be, shall be appointed operator-machanic. This is not intended to prohibit an operator from affording mechanical assistance in an emergency.

(5) *Proof-reading.*

(*a*) An employer shall not permit any employee to occupy and no employee shall so occupy the position of proof-reader unless he is paid not less than the minimum wages payable to a journeyman, or is a journeyman compositor. In establishments where no permanent proof-reader is employed, an employer shall not permit proofs to be read by any employee other than a journeyman compositor or the person in charge of the establishment or department, and no other employee may so read proofs.

(*b*) Copyholding on morning newspapers shall be performed wherever possible by male members of the Trade Union.

(6) *Stereotyping.*

An employer shall not employ any person other than a journeyman stereotyper or an apprentice to the trade of stereotyping (where such are regularly employed), to prepare flongs, make matrices, cast or trim plates, or operate planing or routing machines, and no employee not so qualified may do such work unless he holds an exemption certificate from the Standing Committee permitting him to do so.

(7) *Letterpress Machine Minding.*

(*a*) For the purposes of this sub-section, the following definitions shall apply:—

" Apprentice " shall mean an apprentice to the trade of letterpress machine minding;

" crown folio " shall mean the dimensions of 10 in. by 15 in., representing the maximum size of sheet which a machine feeds and delivers;

" cylinder " shall mean a letterpress printing machine in which the paper or other material to be printed on is carried by a rotating cylinder against a flat printing surface from which the impression is taken;

" machine minder " shall mean a journeyman letterpress machine minder;

" platen " shall mean a letterpress printing machine in which the paper or other material to be printed on is carried in a flat position against a flat printing surface from which the impression is taken.

(*b*) The work of supervision and operation referred to in this sub-section includes making-ready, regulating the supply of ink, changing gauges and/or altering the impression on any letterpress machine and/or general supervision of the work while running.

(*c*) An employer shall not employ any person other than a machine minder or an apprentice on work in connection with the supervision and operation of letterpress printing machines (with the exception of feeding), and no employee may perform such work unless so qualified, provided that platen machines (excluding automatic platens larger than crown folio) may be supervised and operated by platen pressmen who have been registered as such by the Council and in accordance with the provisions of paragraph (*d*) hereof.

(*d*) (i) An employer shall not permit a machine minder, apprentice or platen pressman to supervise or operate more than four hand-fed platen machines.

(ii) An employer shall not permit a platen pressman to supervise or operate automatic platen machines larger than crown folio, except as provided for in paragraph (*e*) of this sub-section.

(iii) Behoudens die uitsonderings waarvoor in paragraaf (*e*) van hierdie subartikel voorsiening gemaak is, mag 'n werkgewer 'n masjienwerker of 'n vakleerling nie toelaat om oor meer as twee silinderperse tot en met die grootte van „ double royal " of enige silinder groter as „ double royal " toesig te hou of dit te bedien nie.

(iv) 'n Werkgewer moet in enige inrigting waar een of meer silinderperse (enige grootte) of outomatiese degelpersmasjiene groter as kroonfolio in gebruik is, minstens een masjienwerker in diens neem.

(v) Geen werknemer mag aldus oor 'n groter aantal perse as wat in hierdie subartikel toegelaat word, toesig hou of dit bedien nie.

(*e*) Waar vertikale *Miehle, Auto Elka, Kelly, Meteor,* of ander klein silinders, nie groter as 13 dm. by 20 dm. (papiergrootte), of outomatiese degels, groter as kroonfolio gebruik word, moet 'n werkgewer 'n masjienwerker daarby in diens neem en waar meer as drie sodanige perse gebruik word, moet, benewens die masjienwerker, vir elke addisionele drie perse of deel daarvan, ook 'n degelpersdrukker in diens geneem word; aan sodanige degelpersdrukkers moet tien persent meer as die lone vermeld in Tabel X van artikel 4 (1) van hierdie Ooreenkoms betaal word.

(8) *Boekbind.*

(*a*) Werkgewers kan behoudens die bepalings van paragrawe (*b*) en (*c*) hiervan, alleenlik 'n vakmanboekbinder of vakleerlingboekbinder in diens neem om die onderstaande werk te doen:—

(i) Ingevoude werk, met inbegrip van bande, lidmaatskapkaarte en seisoenkaartjies.
(ii) Kleur, vergulding en marmer van kante (bad en afdruk) en sprenkel.
(iii) Afwerk, blokdrukwerk (verguld, met bladtin of donker), met inbegrip van oplê.
(iv) Snywerk, skutblaaie maak, bladwysers maak en kaarte opplak.
(v) Die maak van losblad-grootboeke, oordragomslae en boekbande.
(vi) Die bediening van of toesig hou oor masjiene waarmee bande aan boeke gesit, afgewerk en rugstroke aangesit, skryfblokke uitgesny en bande gemaak, word.

Geen werknemer mag sodanige werk verrig, tensy hy as sodanig gekwalifiseer is nie.

(*b*) *Werk in verband met skryfbehoeftes. Vervaardiging van boeke in massa.*—Manlike kwartobinders kan toegelaat word om alle werk (met uitsondering van snywerk, blokwerk, leeretikette en marmereer) te doen in verband met vlak en/of ingevoude kwarto- en halfgebonde werk tot op tien boek klein mediaanpapier (hierdie grootte en kleiner) in bestellings van minstens een dosyn boeke (dieselfde in alle opsigte) vir voorraad; en

Vroulike kwartobinders kan toegelaat word om alle werk (met uitsondering van snywerk, blokwerk, leeretikette en marmereer) te doen in verband met vlak en/of ingevoude kwarto- of halfgebonde werk tot op vyf boek folioformaat (hierdie grootte of kleiner) bestellings van minstens een dosyn boeke (dieselfde in alle opsigte) vir voorraad; met dien verstande dat—

(i) daar vir elke drie of minder kwartobinders een vakmanboekbinder in diens geneem word. Liniëerders, snyers en vakleerlinge, by die berekening van verhouding van vakmanne in diens ingevolge hierdie paragraaf, buite rekening gelaat word;
(ii) die toepassing van hierdie paragraaf nie die ontslag van vakmanne veroorsaak nie;
(iii) hierdie paragraaf alleen op werk in verband met skryfbehoeftes, voorrade, d.w.s. werk vir weerverkoop, en werk vir Staatsonderwysinrigtings van die Unie of 'n Provinsie van toepassing is.

(*c*) *Letterperswerk, Kwartobinders op Stukwerk.*—Kwartobinders kan toegelaat word om alle werk (behalwe sny, vergulde blokwerk, gereedskap maak, marmereer, met die hand bladwysers maak en opplak van met goud gedrukte leer-bladwysers vir losgebonde werk) te doen in verband met ingevoude vlak werk, wat in die geval van boeke in hoeveelhede van minstens 200 in een werk sal insluit, ook kalenders en vertoonkaarte, ingevou of andersins, en gedrukte geweefde-bande (met inbegrip van lidmaatskapkaartjie en seisoenkaartjies), met dien verstande dat—

(i) een vakman-boekbinder, wat werklik boekbinderswerk verrig vir elke drie kwartobinders of minder in diens geneem word. Liniëerders, snyers en vakleerlinge, by die berekening van verhouding van vakmanne in diens ingevolge hierdie paragraaf buite rekening gelaat word;
(ii) waar ingevoude werk verrig word, minstens een vakman-boekbinder in diens is;
(iii) die toepassing van hierdie paragraaf nie die ontslag van vakmanne veroorsaak nie.

(*d*) *Kwartogebonde vlakwerk nie ingevou nie.*—Kwartogebonde vlakwerk, nie ingevou nie, mag deur drukkersassistente verrig word, met dien verstande, dat 'n werkgewer minstens een uit drie assistente sodanig in diens, moet betaal teen lone voorgeskryf vir 'n werknemer met drie jaar ervaring soos bepaal in Tabelle II en III van artikel 4 (1) van hierdie Ooreenkoms.

(iii) An employer shall not permit a machine minder or apprentice to supervise or operate more than two cylinder machines up to and including the size of double royal or one cylinder larger than the size of double royal, subject to the exceptions provided in paragraph (*e*) of this subsection.

(iv) An employer shall employ at least one machine minder in any establishment having one or more cylinder machines (any size) or automatic platen machines larger than crown folio in use.

(v) No employee shall so supervise or operate a machine or machines in excess of the number permitted in this subsection.

(*e*) Where Vertical Miehle, Auto Elka, Kelly, Meteor, or other small cylinders not larger than 13 in. by 20 in. (sheet size), or automatic platens larger than crown folio, are in use, an employer shall employ a machine minder thereon, and where more than three such machines are in use a platen pressman shall be employed for each additional three machines or part thereof in addition to the machine minder; such platen pressman shall be paid 10 per cent. more than the wages specified in Table X of Section 4 (1) of this Agreement.

(8) *Bookbinding.*

(*a*) Except as is provided in paragraphs (*b*) and (*c*) hereof, employers shall not permit any person other than a journeyman bookbinder or an apprentice to the trade of bookbinding to perform the following work:—

(i) Turned-in work, including cases, membership cards, and season tickets.
(ii) Edge colouring, gilding, marbling (trough and transfer) and sprinkling.
(iii) Finishing, blocking (gold, foil or blind), including laying-on.
(iv) Cutting, making end-papers, indexing and map mounting.
(v) Making of loose-leaf-ledgers, transfers and covers.
(vi) The operation and supervision of case-making, rounding and backing, pad-cutting and casing-in machines.

No employee shall perform such work unless so qualified.

(*b*) *Stationery Work, Manufacture of Books in Quantities.*—Male quarter binders may be permitted to do all work (with the exception of cutting, blocking, leather labelling and marbling) in connection with flush and/or turned-in quarter and half-bound work up to 10 quires demy folio (these sizes and under) in orders of not less than one dozen books (identical in every detail) for stock; and

Female quarter binders may be permitted to do all work (with the exception of cutting, blocking, leather labelling and marbling) in connection with flush and/or turned-in quarter or half-bound work up to five quires foolscap folio (these sizes or under) in orders of not less than one dozen books (identical in every detail) for stock; provided that—

(i) one journeyman bookbinder shall be employed for each three or less quarter binders employed. In computing the ratio of journeyman employed in terms of this paragraph, rulers, cutters and apprentices shall not be included;
(ii) there shall be no displacement of journeymen as a result of the operation of this paragraph;
(iii) this paragraph shall only apply to stationery stock work, viz., work for resale, and work for Government educational institutions, Union or Provincial.

(*c*) *Letterpress Work, Quarter Binders on Jobbing Work.*—Quarter binders shall be permitted to perform all work (except cutting, gold blocking, tooling, marbling, hand-indexing and affixing gold-blocked leather tabs in loose-leaf work) in connection with turned-in work, which in the case of books shall be in quantities of not less than 200 in one job, also calendars and showcards, turned-in or otherwise, and letterpress cloth cases (including membership cards and season tickets), provided that—

(i) One journeyman bookbinder actually engaged on the job or jobs concerned shall be employed for each three or less quarter binders employed. In computing the ratio of journeymen employed in terms of this paragraph, rulers, cutters and apprentices shall not be included.
(ii) At least one journeyman bookbinder shall be employed wherever turned-in work is performed.
(iii) There shall be no displacement of journeymen as a result of the operation of this paragraph.

(*d*) *Quarter-bound flush work, not turned-in.*—Quarter-bound flush work, not turned-in, may be performed by printers' assistants, provided that an employer shall pay at least one in three of the assistants so employed the wages prescribed for an employee after three years' experience as prescribed in Tables II and III of Section 4 (1) of this Agreement.

(9) *Linieer.*

'n Werkgewer mag aan alle werk in verband met masjinaal linieer, met uitsondering van invoer van papier, alleen 'n vakmanlinieerder of 'n binderlinieerder of 'n vakleerling in sodanige ambag, te werk stel en geen werknemer mag sodanige werk verrig tensy hy sodanig gekwalifiseer is nie. Dit belet nie 'n vakman of vakleerling om papier in 'n masjien te voer nie.

(10) *Papiersny.*

In inrigtings waar gereeld vakmansnyers, boekbinders en linieerders, en vakleerlinge in daardie vakke, in diens is, mag 'n werkgewer alleen sodanige persone by die bediening van guillotine-snymasjiene te werk stel en geen werknemer mag sodanige werk verrig nie tensy hy sodanig gekwalifiseer is nie. In ander inrigtings mag snywerk verrig word deur vakmanne in twee vakke, in diens ingevolge subartikel (13) van hierdie artikel. Die bediening van handsnymasjiene word vir die doeleindes van hierdie subartikel nie as snywerk beskou nie.

(11) *Sinkografie.*

(*a*) 'n Werkgewer mag alleen vakman- en vakleerling-sinkograwe toelaat om geskoolde werk in verband met die bereiding van fotogravure of steendrukwerk (met inbegrip van Vandyke-proses) of enige fotomeganiese drukproses, in enigeen van sy afdelings te verrig; en alleen sodanige werknemers plate en blokke laat uitsny, afrond, bysny en opspyker. Geen werknemer wat nie sodanig gekwalifiseer is, mag genoemde soort werk verrig nie.

(*b*) 'n Werkgewer moet sorg vir afsonderlike wasbakke vir bedieners en etsers, en geen bediener word toegelaat om dieselfde wasbak as 'n etser te gebruik nie.

(*c*) Werkgewers moet sorg vir lugkanale of waaiers vir die afvoer van dampe van suurbaddens en vir lug in donkerkamers.

(*d*) Werkgewers moet etsbaddens sover moontlik van ander werknemers in die afdeling verwyder hou.

(*e*) By drukwerk op metaal moet werkgewers sorg dat die lig wat gebruik word, beskadu, of op so 'n wyse gestel word dat dit geen nadelige invloed op die oë van werknemers wat in die afdeling werk, uitoefen nie.

(*f*) Waar ammoniak gebruik word as 'n middel om steendrukwerk en Vandykeprosesplate te ontwikkel, moet werkgewers waar moontlik sorgdra dat ontwikkel- en etsbaddens in afsonderlike kamers is.

(*g*) Werkgewers moet aan werknemers skoon handdoeke verskaf.

(12) *Steendruk.*

(*a*) 'n Werkgewer mag nie 'n ander werknemer as 'n vakman-steendrukker of 'n vakleerling in steendrukkery toelaat om oordragwerk op metaal of steen te doen nie, enige steendrukpers gereed te maak of daaroor toesig te hou of enige ander geskoolde werk in die vak te verrig nie, en geen werknemer mag sodanige klas werk verrig, tensy hy as sodanig gekwalifiseer is nie.

(*b*) 'n Werkgewer mag nie 'n werknemer toelaat om meer as een steendrukpers tegelyk te bedien nie, en geen werknemer mag meer as een sodanige pers tegelyk bedien nie.

(*c*) 'n Werkgewer mag nie 'n vakman of vakleerling toelaat om gereeld met 'n bronsmasjien te werk nie, bronswerk met die hand te verrig, velle papier na 'n brons- of droogmasjien of soortgelyke toestel te dra of papier in 'n bronsmasjien te voer nie. Van geen vakman of vakleerling mag geëis word om 'n stuk werk skoon te maak of om inkrolle te herstel of om papier wat gedroog word op te hang of af te haal nie, terwyl sy masjien loop nie. Geen werknemer mag enige werk in stryd met die bepalings van hierdie paragraaf verrig nie.

(*d*) Werkgewers moet die gebruik van skadelike chemikalieë soveel moontlik beperk en waar chroomsuur of ander skadelike sure, wat as sulks deur die Staande Komitee aangewys is, gebruik word, moet die werkgewer die werknemers wat daarmee werk van handskoene voorsien.

(*e*) Werkgewers moet bronswerk soveel moontlik beperk.

(13) *Vakmanne wat twee vakke uitoefen.*

Die Staande Komitee kan op aanbeveling van 'n plaaslike tak van een van die Werkgewersorganisasies en na oorleg met die betrokke Gesamentlike Raad, aan goedgekeurde inrigtings vrystelling verleen om vakmanne in twee vakke te werk te stel en die vakke of bedrywe wat uitgeoefen mag word moet in so 'n geval in die vrystellingsertifikaat gespesifiseer word.

(14) *Verskeidenheid van werk.*

Vroulike drukkershulpe mag nie uitsluitlik by een soort werk in bindery-afdelings te werk gestel word nie, maar hulle moet die geleentheid gegee word om alle klasse werk wat binne die werkkring van drukkershulpe in sodanige afdelings val, te verrig.

(15) *Minderjariges wat op inboeking wag.*

Vir die doeleindes van hierdie artikel sluit „vakleerling" ook in 'n minderjarige wat wag op inboeking in die betrokke vak onderworpe egter aan die bepalings van artikel 9 (3) van hierdie Ooreenkoms.

(16) *Mono-gietbedieners.*

(17) *Arbeiders.*

(18) *Personele wat dupliseer.*

Bylaes sal gepubliseer word, betreffende die pligte van persone wat deur subartikels (16), (17) en (18) gedek word.

(9) *Ruling.*

On all work in connection with machine ruling, except feeding, an employer shall not employ any person other than a journeyman ruler or binder-ruler or an apprentice to such trade, and no employee shall perform such work unless so qualified. This shall not prevent a journeyman or apprentice from feeding a machine.

(10) *Cutting.*

An employer shall not employ any person on the operation of guillotine cutting machines other than a journeyman cutter, bookbinder or ruler or an apprentice to such trades, in establishments where any such employees are regularly employed, and no employee shall perform such work unless so qualified. In other establishments cutting may be performed by dual purpose journeymen employed in terms of sub-section (13) of this Section. The operation of hand-lever cutting machines shall not be deemed to be cutting for the purposes of this sub-section.

(11) *Process Engraving.*

(*a*) An employer shall not permit any person other than a journeyman process engraver or an apprentice to process engraving to perform skilled work in connection with the preparation of photogravure, photo-litho (including Vandyke process) or any photo-mechanical printing process, in any of its departments; and only such employees shall be permitted to perform the routing, bevelling, trimming and mounting of plates and blocks. No employee who is not so qualified shall perform the said classes of work.

(*b*) An employer shall provide separate sinks for operators and etchers, no operator being allowed to use the same sink as an etcher.

(*c*) Employers shall provide ventilating shafts and exhaust fans to carry off fumes from acid baths and for ventilation in dark-rooms.

(*d*) Employers shall keep etching baths as far as possible from other employees in the department.

(*e*) Employers shall make provision when printing on metal is in progress that the light used is shaded or adjusted in such manner as not to have a detrimental effect on the eyes of employees working in the department.

(*f*) Where ammonia is used as an aid to the development of photo-litho and Vandyke process plates, employers shall make provision for developing and etching baths to be in separate rooms where possible.

(*g*) Employers shall provide clean towels for employees.

(12) *Lithography.*

(*a*) An employer shall not permit any employee other than a journeyman lithographer or an apprentice to lithography to transfer on plate or stone, make ready on or take charge of any lithographic machine, or perform any other skilled work in the trade, and no employee shall perform such class of work unless so qualified.

(*b*) An employer shall not permit an employee to work more than one lithographic printing machine at a time, and no employee shall work more than one such machine at a time.

(*c*) An employer shall not permit a journeyman or apprentice to be employed regularly in laying on or taking off at a machine, bronze by hand, carry sheets to a bronzing machine, dryer or similar appliance, or feed a bronzing machine. No journeyman or apprentice shall be required to clean up a job or repair rollers, or hang up or take down paper for seasoning, while his machine is running. No employee shall perform any act in contravention of this paragraph.

(*d*) Employers shall restrict the use of injurious chemicals as much as possible, and, where chromic acid or other injurious acids specified as such by the Standing Committee are used, shall provide gloves for the employees working therewith.

(*e*) Employers shall restrict bronzing work as much as possible.

(13) *Dual-purpose Journeymen.*

On a recommendation from a local branch of one of the Employers' Organisations, and after consultation with the Joint Board concerned, the Standing Committee may grant exemption to approved establishments for the employment of journeymen in a dual capacity, specifying in the exemption certificate the trades or occupations that may be performed.

(14) *Diversity of Work.*

Female printers' assistants shall not be solely confined to one class of work in binding departments, but shall be given opportunities to perform all classes of work falling within the province of printers' assistants in such departments.

(15) *Minors Awaiting Indenture.*

For the purpose of this Section—

"Apprentice" shall include a minor awaiting indenture to the trade concerned, subject, however, to the provisions of Section 9 (3) of this Agreement.

(16) *Mono. Caster Attendants.*

(17) *Labourers.*

(18) *Duplicating Staffs.*

Schedules will be published regarding the duties of persons covered by sub-sections (16), (17) and (18).

22. KONTRAKARBEID.

Die invoer en indiensneming van werknemers van buite die Unie van Suid-Afrika kan alleen onderneem en gereël word ooreenkomstig die bepalings hieronder uiteengesit.

(1) Die Vakvereniging moet maandeliks 'n lys van vakmanne wat werkloos is aan die Sekretaris van die Raad verstrek.

(2) Ingeval enige werkgewer vakmanne wil invoer, dan moet hy die Sekretaris van die plaaslike tak van die Vakvereniging daarvan in kennis stel en die redes vir sodanige voorgestelde invoer vermeld. Die Taksekretaris moet dan met die Algemene Sekretaris van die Vakvereniging in verbinding tree, ten einde uit te vind of daar in Suid-Afrika manne in dieselfde vak, as dié waarvoor die invoer bedoel word, beskikbaar is.

(3) Ingeval die Vakvereniging die voorgestelde invoer afkeur moet by die werkgewer van sy besluit in kennis stel binne 'n tydperk van drie weke na die datum van aansoek en as die betrokke werkgewer tog daarmee wil deurgaan, dan het hy die reg van beroep deur tussenkoms van die Gesamentlike Raad na die Staande Komitee.

(4) Hierdie artikel is op onderstaande klasse vakmanne van toepassing:—

Lettersetters (met die hand of masjien).
Letter-, steen- en rotasiedrukkers.
Boekbinders, linieerders, snyers en pakhuiswerkers.
Stereotipeurs.
Sinkografwe.

(5) Die dienskontrak mag nie vir 'n langer tydperk as twee jaar wees nie, en alleen persone wat goed aangeskrewe lede van 'n erkende vakvereniging is, mag ingevoer word.

(6) Kontrakte moet in die vorm wees soos deur die Uitvoerende Komitee voorgeskryf.

(7) Niks in hierdie artikel vervat is van krag vir sover dit met enige immigrasiewet in stryd is nie.

23. AGENTE VAN DIE RAAD.

Die Uitvoerende Komitee moet een of meer bepaalde persone as agente aanstel om by die toepassing van hierdie Ooreenkoms behulpsaam te wees. Behalwe enige sodanige gespesifiseerde persone moet die beamptes van die Raad as Agente beskou word. Dit is die plig van werkgewers en werknemers wat lede van die Werkgewersorganisasies en die Vakvereniging is, om sodanige agente toe te laat om sodanige ondersoek in te stel en om tyd- en loonregisters na te sien en om sodanige werknemers te ondervra soos nodig mag wees ten einde uit te vind of die bepalings van hierdie Ooreenkoms nageleef word.

24. VERKLARING VAN OOREENKOMS.

(1) Die Uitvoerende Komitee of die Staande Komitee en Gesamentlike Rade is die liggame wat onderworpe aan die algemene beheer en bestuur van die Raad, vir die administrasie van hierdie Ooreenkoms verantwoordelik is.

(2) Die Uitvoerende Komitee en die Staande Komitee kan vir die leiding van werkgewers en werknemers beslissings uitvaardig wat nie met die bepalings van die Ooreenkoms of enige regsvertolking daarvan in stryd is nie.

25. KENNISGEWINGS.

Elke werkgewer moet van die Sekretaris van die Raad die kennisgewing (plakkaat) opgestel deur die Raad, bevattende besonderhede van lone, werkure en diensvoorwaardes van toepassing in die inrigting, verkry, en dit op 'n duidelik sigbare plek in sy inrigting vertoon.

26. REGISTRASIE VAN WERKGEWERS.

(1) Elke werkgewer in die bedryf op die datum waarop hierdie Ooreenkoms van krag word, moet aan die Sekretaris van die Gesamentlike Raad (of die Staande Komitee, waar geen Gesamentlike Raad bestaan nie) vir die gebied waar sy besigheid geleë is, skriftelik die onderstaande besonderhede wat homself betref, stuur:—

(i) Volle naam.
(ii) Besigheidsadres.
(iii) Die vak of vakke wat hy in die bedryf beoefen.
(iv) Die adres waar enige installasie of uitrusting gehou word.

(2) Die besonderhede vereis ingevolge subartikel (1) hiervan moet ook deur alle werkgewers, wat, na die datum waarop hierdie Ooreenkoms van krag word, die bedryf begin beoefen binne een maand nadat hulle begin besigheid dryf, verstrek word.

(3) Ingeval die werkgewer 'n vennootskap is, moet inligting ooreenkomstig subartikel (1) hiervan ten opsigte van elke vennoot verstrek word. Die naam waaronder die vennootskap besigheid dryf, moet ook meegedeel word. Ingeval ontbinding van 'n vennootskap plaasvind, moet daarvan binne een maand aan die Sekretaris van die Gesamentlike Raad (of die Staande Komitee, waar geen Gesamentlike Raad bestaan nie), in die gebied waar die vennootskap besigheid gedryf het, skriftelik kennis gegee word.

22. CONTRACT LABOUR.

The importation and engagement of employees from outside the Union of South Africa may only be undertaken and shall be regulated in accordance with the provisions set forth hereunder.

(1) The Trade Union shall supply monthly to the Secretary of the Council a list of journeymen unemployed.

(2) In the event of any employer desiring to import journeymen, he shall communicate with the local Branch Secretary of the Trade Union, stating the reason for such proposed importation. The Branch Secretary shall then communicate with the General Secretary of the Trade Union, for the purpose of ascertaining whether there are any men available in South Africa in the same trade as that in which the importation is desired.

(3) Should the Trade Union disapprove of the proposed importation, it shall advise the employer of its decision within a period of three weeks from the date of the application, and should the employer concerned still desire to proceed therewith, he shall have the right of appeal to the Standing Committee through the local Joint Board.

(4) This Section shall apply to the following classes of journeymen:—

Compositors (hand and machine).
Letterpress, lithographic and rotary machine minders.
Bookbinders, rulers, cutters and warehousemen.
Stereotypers.
Process workers.

(5) The contract of employment shall not exceed a period of two years, and only persons who are members in good standing of a recognised trade union shall be imported.

(6) Contracts shall be in the form prescribed by the Executive Committee.

(7) Nothing in this Section shall operate in conflict with the provisions of any immigration law.

23. COUNCIL'S AGENTS.

The Executive Committee shall appoint one or more specified persons as agents to assist in giving effect to the terms of this Agreement. In addition to any such specified persons, the officials of the Council shall be regarded as agents. It shall be the duty of employers and employees who are members of the Employers' Organisations and the Trade Union to permit such agents to institute such inquiries and to examine time and wage registers and interrogate such employees as may be necessary for ascertaining whether the provisions of this Agreement are being observed.

24. INTERPRETATION OF AGREEMENT.

(1) The Executive Committee or Standing Committee and Joint Boards shall, subject to the general control and direction of the Council, be the bodies responsible for the administration of this Agreement.

(2) The Executive Committee and the Standing Committee may issue rulings not inconsistent with the provisions of this Agreement, or any legal interpretation thereof, for the guidance of employers and employees.

25. NOTICES.

Every employer shall obtain from the Secretary of the Council and post in a conspicuous place in his establishment, and keep so posted, the notice (poster) issued by the Council giving particulars of wages, hours and working conditions applicable to such establishment.

26. REGISTRATION OF EMPLOYERS.

(1) Every employer in the industry at the date on which this Agreement comes into operation shall forward in writing to the Secretary of the Joint Board (or the Standing Committee where no Joint Board exists) of the area in which he is operating, the following particulars concerning himself:—

(i) Full name.
(ii) Business address.
(iii) The trade or trades which he is carrying on in the industry.
(iv) The address at which any plant or equipment is housed.

(2) The particulars required under sub-section (1) hereof shall also be furnished by all employers entering the industry after the date on which this Agreement comes into operation within one month of commencing business.

(3) Where the employer is a partnership, information in accordance with sub-section (1) hereof shall be furnished in respect of each partner. The title under which the partnership is operating shall also be furnished. In the event of a dissolution of partnership taking place, this fact must be notified in writing, within one month of the date thereof, to the Secretary of the Joint Board (or the Standing Committee where no Joint Board exists) of the area in which such partnership had operated.

27. WERKENDE WERKGEWERS, VENNOTE, DIREKTEURE EN AANDEELHOUERS.

(1) Enige werkgewer en/of vennoot, direkteur of aandeelhouer wat werk verrig wat onder die bedrywe gespesifiseer in artikel 21 van hierdie Ooreenkoms val, is, ten opsigte van die verrigting van sodanige werk, soos wat werknemers opgelê word by artikels 21 (3), (6), (7), (8), (9), (10), (11) (*a*) en (12) (*a*), onderworpe aan die beperkings van daardie artikels.

(2) Enige werkgewer en/of vennoot, direkteur of aandeelhouer wat daarop aanspraak maak dat hy 'n gekwalifiseerde vakman in enige aangewese vak is, moet om registrasie as sulks by die plaaslike Gesamentlike Raad of Staande Komitee aansoek doen en bewys lewer dat hy reg het op so 'n aanspraak. Voor sodanige registrasie word geen sodanige persoon as 'n vakman beskou of toegelaat om vakmanwerk, soos voorgeskryf in artikel 21, te verrig nie.

28. ALGEMEEN.

Geen werkgewer of werknemer mag die bepalings van die Ooreenkoms tersyde stel nie, onverskillig of die genoemde bepalings tot voordeel van die betrokke werkgewer of werknemer is of hom 'n las oplê of nie. Elke bepaling, subartikel of artikel skep na gelang van die geval 'n reg of 'n verpligting, wat heeltemal onafhanklik is van ander bepalings. Ingeval enige bepaling, subartikel of artikel van hierdie Ooreenkoms voor of na publikasie in die *Staatskoerant* deur die Minister ingevolge die bepalings van die Wet, nie bindend is nie of *ultra vires* die magte van die partye of die Minister is, maak dit hoegenaamd geen inbreuk op die res van die Ooreenkoms nie, wat in so 'n geval die Ooreenkoms uitmaak.

Nademaal die Werkgewersorganisasies en die Vakvereniging tot die Ooreenkoms soos hierin uiteengesit, besluit het, verklaar ondergenoemde gemagtigde beamptes van die Raad hierby dat voorafgaande die Ooreenkoms is waartoe besluit is en plaas hulle handtekeninge hieronder.

„ The National Industrial Council of the Printing and Newspaper Industry of South Africa ":—

D. A. SALES,
Voorsitter.

JAS. BEATTIE,
Ondervoorsitter.

E. P. KEMP,
Sekretaris.

Geteken te Johannesburg op die 18de dag van Januarie 1939.

✱ No. 1077.] [21 Julie 1939.

NYWERHEID-VERSOENINGSWET, 1937.—BOUNYWERHEID, PIETERMARITZBURG.

Ek, HARRY GORDON LAWRENCE, Minister van Arbeid, verklaar hierby—

(*a*) kragtens subartikel (1) van artikel *ag-en-veertig* van die Nywerheid-versoeningswet, 1937, dat al die bepalings van die Ooreenkoms wat in die skedule hiervan verskyn en betrekking het op die Bounywerheid vanaf die 31ste dag van Julie 1939, en vir die tydperk wat eindig op die 30ste dag van Julie 1940, bindend is op die werkgewersorganisasie en vakverenigings wat genoemde Ooreenkoms aangegaan het en op die werkgewers en werknemers wat lede is van daardie organisasie of daardie verenigings;

(*b*) kragtens subartikel (2) van artikel *ag-en-veertig* van genoemde Wet dat die bepalings vervat in klousules 1 tot en met 20, 22 tot en met 24 en 26 tot en met 28 van genoemde Ooreenkoms vanaf die 31ste dag van Julie 1939, en vir die tydperk wat eindig op die 30ste dag van Julie 1940, bindend is op die ander werkgewers en werknemers betrokke by of in diens van genoemde nywerheid in die gebied binne 'n omtrek van vyf-en-twintig myl vanaf die Algemene Poskantoor, Pietermaritzburg, en

(*c*) kragtens subartikel (4) van artikel *ag-en-veertig* van genoemde Wet dat die bepalings vervat in klousules 1, 3 tot en met 20, 22, 24 en 26 tot en met 28 van genoemde Ooreenkoms vanaf die 31ste dag van Julie 1939, en vir die tydperk wat eindig op die 30ste dag van Julie 1940, in die gebied binne 'n omtrek van vyf-en-twintig myl van die Algemene Poskantoor, Pietermaritzburg *mutatis mutandis* van toepassing is ten opsigte van persone wat nie by die woordomskrywing van die uitdrukking „ werknemer " vervat in artikel *een* van genoemde Wet ingesluit is nie.

H. G. LAWRENCE,
Minister van Arbeid.

17 Julie 1939.

27. WORKING EMPLOYERS, PARTNERS, DIRECTORS AND SHAREHOLDERS.

(1) Any employer and/or partner, director or shareholder who performs work falling within the trades specified in Section 21 of this Agreement shall be subject to the restrictions of that section in respect of the performance of such work as are imposed upon employees by Section 21 (3), (6), (7), (8), (9), (10), (11) (*a*) and 12 (*a*).

(2) Any employer and/or partner, director or shareholder who claims to be a qualified journeyman in any designated trade shall apply for registration as such with the local Joint Board or Standing Committee, submitting proof in support of such claim. Until such registration is effected, any such person shall not be regarded as a journeyman or permitted to perform journeyman's work as prescribed in Section 21.

28. GENERAL.

No employer or employee may waive the provisions of this Agreement, whether or not the said provisions create a benefit or obligation upon the employer or employee concerned. Each provision, sub-section or section shall create a right or obligation, as the case may be, independently of the existence of other provisions. In the event of any provision, sub-section or section of this Agreement being inoperative or *ultra vires* the powers of the parties or the Minister, either before or after publication of this Agreement in the *Government Gazette* by the Minister under the provisions of the Act, this shall in no way affect the remainder of the Agreement, which shall in that event constitute the Agreement.

The Employers' Organisations and the Trade Union having arrived at the Agreement set forth herein, the undersigned authorised officers of the Council hereby declare that the aforegoing is the Agreement arrived at and affix their signatures hereto.

The National Industrial Council of the Printing and Newspaper Industry of South Africa:—

D. A. SALES,
Chairman.

JAS. BEATTIE,
Vice-Chairman.

E. P. KEMP,
Secretary.

Signed at Johannesburg, this 18th day of January, 1939.

✱ No. 1077.] [21 July 1939.

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1937.—BUILDING INDUSTRY, PIETERMARITZBURG.

I, HARRY GORDON LAWRENCE, Minister of Labour, do hereby—

(*a*) in terms of sub-section (1) of section *forty-eight* of the Industrial Conciliation Act, 1937, declare that all the provisions of the Agreement which appears in the Schedule hereto, and which relates to the Building Industry, shall be binding from the 31st day of July, 1939, and for the period ending the 30th day of July, 1940, upon the employers' organization and trade unions which entered into the said Agreement and upon the employers and employees who are members of that organization or those unions;

(*b*) in terms of sub-section (2) of section *forty-eight* of the said Act, declare that the provisions contained in clauses 1 to 20 (inclusive), 22 to 24 (inclusive) and 26 to 28 (inclusive) of the said Agreement shall be binding from the 31st day of July, 1939, and for the period ending the 30th day of July, 1940, upon the other employers and employees engaged or employed in the said industry in the area within a radius of twenty-five miles from the General Post Office, Pietermaritzburg, and

(*c*) in terms of sub-section (4) of section *forty-eight* of the said Act, declare that in the area within a radius of twenty-five miles from the General Post Office, Pietermaritzburg, and from the 31st day of July, 1939, and for the period ending the 30th day of July, 1940, the provisions contained in clauses 1, 3 to 20 (inclusive), 22, 24 and 26 to 28 (inclusive) of the said Agreement shall *mutatis mutandis* apply in respect of such persons as are not included in the definition of the expression " employee " contained in section *one* of the said Act.

H. G. LAWRENCE,
Minister of Labour.

17th July, 1939.

SKEDULE.

„ INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE BUILDING INDUSTRY (PIETERMARITZBURG)."

OOREENKOMS

ingevolge die bepalings van die „ Nywerheid-versoeningswet, 1937 ", gemaak deur en aangegaan tussen die

„ Master Builders' Association, Pietermaritzburg "

(hierin verder genoem „ die werkgewers " of „ die werkgewersorganisasie ") aan die een kant, en die

„ Amalgamated Society of Woodworkers ", en die

„ Building Workers' Industrial Union of South Africa "

(hierin verder genoem „ die werknemers " of „ die vakverenigings "), aan die ander kant;

wat die partye is tot die „ Industrial Council for the Building Industry (Pietermaritzburg) ".

1. Bestek van Toepassing van Ooreenkoms.

Die bepalings van hierdie Ooreenkoms moet in die gebied binne 'n kring van 25 myl vanaf die Hoofposkantoor, Pietermaritzburg, nagekom word, deur alle werkgewers en werknemers in die Boubedryf wat lede van die werkgewersorganisasie of die vakverenigings is, met dien verstande dat hulle—

(*a*) op vakleerlinge van toepassing is slegs in sover hulle nie met die bepalings van die „ Vakleerlingen Wet, 1922 ", of enige kontrak aangegaan, of enige voorwaardes ingevolge daardie Wet vasgestel, teenstrydig is nie:

(*b*) nie van toepassing is nie op persone werksaam in verband met die oprigting, instandhouding, herstel of verandering, op plase, van—

(i) woonhuise waarvan die koste minder as £1,000 bedra;

(ii) alle ander geboue, wat die ook al mag kos, wat uitsluitlik vir boerderydoeleindes gebruik word of bestem is.

2. Tydperk van Toepassing van Ooreenkoms.

Hierdie Ooreenkoms word van krag op sodanige datum as die Minister van Arbeid ingevolge artikel *ag-en-veertig* van die Wet mag vasstel, en bly van krag vir twaalf maande of vir sodanige tydperk as wat hy mag bepaal.

3. Woordbepalings.

Alle uitdrukkings wat in hierdie Ooreenkoms gebesig word en in die Nywerheid-versoeningswet, 1937, omskryf is, het dieselfde betekenis as in daardie Wet, en verder, tensy teenstrydig met die sinsverband, beteken—

„ Wet ", die „ Nywerheid-versoeningswet, 1937 ";

„ vakleerling ", 'n werknemer in diens ingevolge 'n skriftelike vakleerlingskapkontrak geregistreer ingevolge die bepalings van die „ Vakleerlingen Wet, 1922 ";

„ Raad ", die „ Industrial Council for the Building Industry (Pietermaritzburg) " soos kragtens artikel *twee* van die „ Nijverheids Verzoenings Wet, 1924 ", geregistreer en beskou as geregistreer te wees ingevolge artikel 19 van die Wet;

„ distrikswerk ", alle werk binne 'n straal van 25 myl, vanaf die Hoofposkantoor, Pietermaritzburg, maar buite 'n straal van agt myl vanaf genoemde poskantoor;

„ noodsaaklike diens ", enige werk wat noodsaaklikerwys verrig moet word ten einde die gesondheid en veiligheid van die publiek of die voortsetting van enige ander nywerheid, besigheid of onderneming te verseker;

„ noodarbeid ", werk wat nie redelikerwys gedurende die ure by klousule 9 (1) van hierdie Ooreenkoms voorgeskryf of vasgestel, verrig kan word nie;

„ ambagsgesél ", 'n werknemer wat 'n volle vakleerlingskaptermyn onder kontrak uitgedien het, maar wat deur die Raad nie bevoeg geag word om die loon, voorgeskryf in subartikel (1) van klousule 4 van hierdie Ooreenkoms ten opsigte van die werk waarop hy werksaam is, te verdien nie;

„ stukwerk ", enige stelsel waarby die verdienste van 'n werknemer baseer is op die hoeveelheid of omset van werk verrig;

„ geskoolde arbeider ", 'n werknemer wat in almal of enigeen van die volgende hoedanighede werksaam is, nl.: bestuurder van meganiese voertuig, bediener van vloersandpapier-masjien, hystoestelbediende, opsigter van ongeskoolde arbeiders, werker met 'n kleimeul of enige soortgelyke masjien en wat ook die werk van 'n ongeskoolde arbeider doen;

„ behoorlike slaapplek ", 'n waterdigte onderdak wat gesluit kan word en voorsien is van 'n houtvloer en die nodige wasbakke en gemakinrigtings;

„ bouwerk ", ook mure, steunmure en monumente, behalwe grafstene en grafmonumente;

„ ongeskoolde arbeider ", ook 'n werknemer wat enigeen of almal van die volgende werksaamhede verrig:—

(i) klippe of grond uitgraaf of uithaal vir fondamente, slote, riole en waterleidings;

(ii) uitgegrawe klippe en grond verwyder;

SCHEDULE.

INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE BUILDING INDUSTRY (PIETERMARITZBURG).

AGREEMENT

in accordance with the provisions of the Industrial Conciliation Act, 1937, made and entered into between the

Master Builders' Association, Pietermaritzburg

(hereinafter referred to as " the employers " or the " employers' organisation "), of the one part, and the

Amalgamated Society of Woodworkers, and the

Building Workers' Industrial Union of South Africa

(hereinafter referred to as the " employees " or " the trade unions "), of the other part;

being the parties to the Industrial Council for the Building Industry (Pietermaritzburg).

1. Scope of Application of Agreement.

The terms of this Agreement shall be observed in the area within a radius of 25 miles from the General Post Office, Pietermaritzburg, by all employers and employees in the Building Industry who are members of the employers' organisation and the trade unions, provided that they shall—

(*a*) apply to apprentices only in so far as they are not inconsistent with the provisions of the Apprenticeship Act, 1922, or any contract entered into or any conditions fixed thereunder;

(*b*) not apply to persons engaged in the erection, maintenance, repair or alteration on farms of—

(i) dwelling-houses at a cost of less than £1,000;

(ii) all other buildings, irrespective of cost, used or to be used exclusively for farming purposes.

2. Period of Operation of Agreement.

This Agreement shall come into operation on such date as may be determined by the Minister of Labour in terms of section *forty-eight* of the Act, and shall remain in force for twelve months or for such period as may be determined by him.

3. Definitions.

Any expressions used in this Agreement which are defined in the Industrial Conciliation Act, 1937, shall have the same meanings as in that Act; further, unless inconsistent with the context—

" Act " means the Industrial Conciliation Act, 1937;

" Apprentice " means an employee serving under a written contract of apprenticeship registered under the provisions of the Apprenticeship Act, 1922;

" Council " means the Industrial Council for the Building Industry (Pietermaritzburg) registered in terms of section *two* of the Industrial Conciliation Act, 1924, and deemed to have been registered in terms of section *nineteen* of the Act;

" country jobs " means all jobs within a radius of 25 miles from the General Post Office, Pietermaritzburg, but outside an eight-mile radius from the said Post Office;

" essential services " means any work which must necessarily be performed in order to ensure the health and safety of the public or the carrying on of any other industry, business or undertaking;

" emergency work " means such work as cannot reasonably be performed during the hours prescribed in or as may be laid down in accordance with clause 9 (1) of this Agreement;

" improver " means any employee who has completed a full term of apprenticeship under indenture but who is not considered by the Council as competent to earn the wage laid down in sub-clause (1) of clause 4 of this Agreement in respect of the work on which he is engaged;

" piece-work " means any system by which an employee's earnings are based on quantity or output of work done;

" skilled labourer " means an employee who is employed in all or any of the following capacities, viz.: driver of mechanical vehicle, operator of floor sandpapering machine, hoistman, supervisor of unskilled labourers, operator of pug-mill or other similar machine; and who may in addition be employed on the work of an unskilled labourer;

" suitable sleeping accommodation " means a waterproof shelter capable of being securely locked, with a wooden floor and the necessary washing and lavatory accommodation;

" structure " includes walls, retaining walls, and monuments, other than tombstones and burial monuments;

" unskilled labourer " includes an employee who is employed on any or all of the following operations, viz.:—

(i) digging or taking out stone and soil for foundations, trenches, drains and channels;

(ii) removing excavated stone and soil;

(iii) met skopgrawe materiaal in mortel- of betonmengmasjiene gooi of daaruit haal en mortel of beton meng met die hand met behulp van skopgrawe;

(iv) materiaal op- of aflaai;

(v) mortel, stene, klippe, beton of ander materiaal dra;

(vi) gebruikte stene skoonmaak;

(vii) modelvorms volgiet in werkwinkels van pleisteraars;

(viii) wit van geboue en latrines deur naturelle bewoon en gebruik, die wit van binnekant van fondamente, en met teer werk; of

(ix) enige ander werk, gewoonlik gedoen deur ongeskoolde dagloners in die timmermans-, skilders-, loodgieters- en elektristeitsbedrywe;

„ werkende werkgewer of vennoot ", elke werkgewer of vennoot in 'n vennootskap in die boubedryf, wat self dieselfde soort werk as enigeen van sy werknemers verrig;

„ boubedryf " of „ bedryf ", sonder om die gewone betekenis van die uitdrukking op enige wyse te beperk, die bedryf waarin die werkgewer en werknemer geassosieer is om geboue en bouwerk op te rig, klaar te maak, te hernu, te herstel, in stand te hou, of te verander, en/of om artikels vir gebruik by die oprigting, voltooiing of verandering van geboue en bouwerk te vervaardig (hetsy die werk gedoen, die materiaal voorberei, hetsy die nodige artikels op die bouterrein of elders vervaardig word, of nie) en sluit in alle werk wat gedoen word deur persone daarin wat in verband met onderstaande ambagte of onderdele daarvan in diens is:—

Messelwerk, waarby inbegrepe is betonwerk, aanbring van betonblokke, teëls op mure en vloere inlê, voeging, bevloering, mosaïekwerk, leiklip-, marmer- en komposisiebekleding; riool-aanlegging, leiklip en dakpanne lê;

Elektrisiteitsaanlegging, waarby montering, geleiding en bygaande werksaamhede inbegrepe is;

verniswerk, waarby die aansit van vernis met kwas of kussinkie en sproei met enige mengsel inbegrepe is;

skrynwerk, waarby die vervaardiging van alle skrynwerk-artikels inbegrepe is (hetsy die gebruikte artikel in die gebou of bouwerk deur die persoon wat die artikel vervaardig of voorberei, aangebring word of nie);

werk met glas in lood en ander metale, waarby inbegrepe is die maak en/of insit van vensters, verligte uithangborde, en die insit van glas in verband daarmee;

installering van hystoestelle, waarby die vervaardiging van hysbakke of -kaste, en die oprigting en/of instandhouding van hystoestelle inbegrepe is;

metaalwerk, waarby inbegrepe is die aanbring van staalplafonne, metaalvensters, metaaldeure, bouers-smidswerk, metaalrame, en metaaltrappe en bou-metaalwerk, die vervaardiging en/of aanbring van getrokke metaalwerk en van geplette en uitgedrukte metaal (hetsy die gebruikte artikel in die gebou of bouwerk deur die persoon wat die gebruikte artikel vervaardig, of voorberei, aangebring word of nie);

klipmesselwerk, waarby inbegrepe is klipbeitelwerk en klipbouwerk (met inbegrip van die uitbeitel en oprigting van ornamentele en monumentale klipwerk) bevestiging met beton, en aanbring van voorafgevormde of kunsmatige klip of marmer, bevloering, mosaïekwerk, voeging, inlê van teëls op mure en vloere, bediening van klipwerkmasjinerie, en skerpmaak van messelaarsgereedskap (hetsy die gebruikte artikel in die gebou of bouwerk deur die persoon wat dit vervaardig, of voorberei, aangebring word of nie);

skilderwerk, waarby inbegrepe is versiering, uitplak met muurpapier, insit van ruite, afwit van mure met distemper, afwit van mure met kalk en kleurkalk, kleuring met verf, verniswerk, houtvlamming, marmering en sproei met verf;

pleisterwerk, waarby inbegrepe is vormwerk, insit van granolitiese en komposisievloere, komposisiebekleding en poleer van mure, klipwerk met voorafgevormde en kunsmatige klip, lê van teëls op mure en vloere, bevloering en mosaïekwerk (hetsy die gebruikte artikels in die gebou of bouwerk deur die persoon wat die artikels vervaardig of voorberei, aangebring word of nie);

loodgietery, waarby inbegrepe is loodsmelting, gaspypmontering, saniteits- en huiswerktuigkunde riool-aanlegging, kalfaatwerk, ventilering, verwarming, montering in verband met warm- en kouwaterstelsel, aanbring van vuurmaakgeriewe, en vervaardiging, en aanbring van alle geplette metaalwerk (hetsy die gebruikte artikels in die gebou of bouwerk deur die persoon wat die artikels vervaardig of voorberei, aangebring word of nie);

winkel-, kantoor- en bankmontering waarby inbegrepe is die vervaardiging en/of aanbring van winkelvoorkante, vensterhokke, uitstalkaste, toonbanke, afskortings en binne-uitrusting en -toebehorings;

staalversterking;

(iii) shovelling materials into or removing them from mortar or concrete mixing machines, and mixing mortar or concrete by hand with shovels;

(iv) loading or unloading materials;

(v) carrying mortar, bricks, stone, concrete or other materials;

(vi) cleaning used bricks;

(vii) filling of moulds in plasterers' modelling shops;

(viii) lime-washing of buildings and latrines occupied and used by natives, the lime-washing of internal face of foundations, and the use of tar; or

(ix) all other work usually performed by unskilled labour in the carpentry, painting, plumbing and electrical trades;

" working employer or partner " means any employer or any partner in a partnership which carries out work in the building industry who himself performs work similar to that carried out by any of his employees;

" Building Industry " or " Industry " means, without in any way limiting the ordinary meaning of the expression, the industry in which employer and employee are associated for the purpose of erecting, completing, renovating, repairing, maintaining or altering buildings and structures and/or making articles for use in the erection, completion or alteration of buildings and structures, whether the work is performed, the material is prepared, or the necessary articles are made on the sites of the buildings or structures or elsewhere, and shall include all work executed or carried out by persons therein who are engaged in the following trades or sub-divisions thereof:—

Bricklaying, which includes concreting and the fixing of concrete blocks, tiling of walls and floors, pointing, paving, mosaic work, facing work in slate, in marble and in composition, drainlaying, slating and roof tiling;

electrical installation, which includes electrical fitting and wiring and operations incidental thereto;

french polishing, which includes polishing with a brush or pad, and spraying with any composition;

joinery, which includes the manufacture of all articles of joinery, whether or not the fixing in the building or structure is done by the person making or preparing the article used;

light making, lead and other metals, which includes the manufacture and/or fixing of lights, display signs, and glazing relating thereto;

lift installation, which includes the manufacture of lift cars or cages, and the erection and/or maintenance of lifts;

metal work, which includes the fixing of steel ceilings, metal windows, metal doors, builders' smith work, metal frames and metal stairs and architectural metal work, the manufacture and/or fixing of drawn metal work and sheet and extruded metal, whether or not the fixing in a building or structure is done by the person making or preparing the article used;

masonry, which includes stone cutting and building (also the cutting and building of ornamental and monumental stone work), concreting and the fixing or building of precast and/or artificial stone or marble, paving, mosaic work, pointing, wall and floor tiling, operating of stone working machinery and sharpening of masons' tools, whether or not the fixing in the building or structure is done by the person making or preparing the article used;

painting, which includes decorating, paper hanging, glazing, distempering, lime and colour washing, staining, varnishing, graining and marbling and spraying;

plastering, which includes modelling, granolithic and composition flooring, composition wall covering and polishing, precast or artificial stone work, wall and floor tiling, paving and mosaic work, whether or not the fixing in the building or structure is done by the person making or preparing the article used;

plumbing, which includes lead burning, gas fitting, sanitary and domestic engineering, drainlaying, caulking, ventilating, heating, hot and cold water fitting, fire installation and the manufacture and fitting of all sheet-metal work, whether or not the fixing on the building or structure is done by the person making or preparing the article used;

shop, office and bank fitting, which includes the manufacture and/or fixing of shop fronts, window enclosures, show cases, counters, screens and interior fittings and fixtures;

steel reinforcing;

staalkonstruksie, waarby inbegrepe is die aanbring van alle soorte staal- en ander metaalpilare, staalhoofbalke, staaldwarsbalke, of metaal in enige ander vorm wat deel uitmaak van 'n gebou of bouwerk;

houtwerk, waarby inbegrepe is timmerwerk, masjienhoutwerk, houtdraaiwerk, houtsnywerk, die aanbring van sinkplaat, geluid- of akoestiekmateriaal, kurk- of asbes-isolering, maak van kaplatte, komposisiebekleding van plafonne en mure, tappe in mure inslaan, metaalbekleding van houtwerk, insit van blokkies- en ander vloere met inbegrip van hout en kurkvloere en afwerking met skuurpapier (hetsy die gebruikte artikels in die gebou of bouwerk deur die persoon wat die artikels vervaardig of voorberei, aangebring word of nie).

4. Lone.

(1) (*a*) Behoudens die bepalings van subartikels (1) (*b*) (2), (3) en (4) van hierdie artikel van hierdie Ooreenkoms, mag geen werkgewer of werknemer onderskeidelik lone betaal of ontvang teen laer skale as onderstaande:—

	Per Uur. s.	d.
(i) Ongeskoolde arbeiders	0	5
(ii) Geskoolde arbeiders	1	0
(iii) Werknemers in die skildersbedryf	3	0
(iv) Werknemers in alle ander bedrywe	3	4

(*b*) *Verskillende loonskale.*—'n Werknemer wat op enige dag twee of meer soorte werk verrig waarvoor verskillende lone betaalbaar is, moet vir al die ure gewerk op sodanige dag betaal word teen die hoër loon wat ingevolge paragraaf (*a*) van hierdie subartikel betaalbaar is.

(2) (*a*) Behoudens paragraaf (*b*) van hierdie subartikel kan 'n ambagsgesél na voltooiing van sy vakleerlingskaptermyn vir ses maande betaal word teen 'n tarief van minstens 70 persent van die loon wat in subartikel (1) van hierdie artikel vir 'n werknemer van sy bedryf bepaal is, en daarna vir 'n verder termyn van ses maande teen 'n tarief van minstens 80 persent van sodanige loon.

(*b*) Verlof om te werk teen die laer tarief waarna in paragraaf (*a*) van hierdie subartikel verwys is, word alleen skriftelik na goeddunke van die Raad verleen.

(3) *Besoldiging vir werk op sekere dae.*—Vir werk wat op Sondae, Goeie Vrydag, Meidag en Kersdag vóór aanvang van die gewone werkure op die daaropvolgende dag gedoen word, moet 'n werkgewer 'n werknemer betaal teen dubbel die loon in hierdie artikel vasgestel.

(4) *Gevaarlike werk.*—Ten opsigte van alle gevaarlike werk moet 'n hoër loon as die vasgestelde minimum betaal word, en sodanige loon moet deur werkgewer en werknemer onderling bepaal word.

(5) Aan minderjariges gedurende die proeftyd waarvoor in die Vakleerlingskapwet voorsiening gemaak word, moet minstens die loon van 'n eerste jaar vakleerling betaal word.

5. Stukwerk.

Werkgewers word verbied om stukwerk aan werknemers te gee, en werknemers word verbied om werk op stukwerkbasis te verrig; ook enige stelsel waarby die verdienste van 'n werknemer òf geheel, òf grotendeels baseer is op die hoeveelheid werk verrig as 'n middel van betaling vir arbeid nie ooreenkomstig die verskillende loonskale wat in artikel 4 omskryf word nie. Die bepalings van hierdie artikel is van toepassing nieteenstaande die feit dat die werknemer 'n klein of enige hoeveelheid van die materiaal of installasie wat nodig mag wees, verskaf.

6. Gewone en Oortydbesoldiging.

(1) Lone, verdienstes vir oortyd en alle ander besoldiging moet weekliks op Vrydag of by diensbeëindiging, indien dit voor die gewone betaaldag van die werknemer plaasvind, betaal word. Betalings kan egter op ander dae as Vrydae geskied as die toestemming van die Raad vooraf skriftelik verkry word.

(2) Lone, verdienstes vir oortyd en alle ander besoldigings moet aan werknemers oorhandig word, in toegeplakte koevorte waarop die naam van die werknemer, die getal ure gewerk, datum van betaling en die ingeslote bedrag, aangeteken is.

(3) Onderworpe aan die bepalings van artikels 19 en 23 van hierdie Ooreenkoms mag van die loon en besoldiging vir oortydwerk aan werknemers verskuldig geen bedrae afgetrek word nie, met dien verstande dat waar 'n werkgewer enige bedrag ten behoewe van 'n werknemer gestort het ingevolge 'n verpligting hom opgelê deur een of ander wet, ordonnansie of regsgeding, enige bedrag aldus betaal, gekort mag word.

7. Toelaes ten opsigte van Vervoer en Tyd Opgeneem met Stap.

(1) As 'n werkgewer 'n werknemer stuur om werk te doen in 'n gebied buite drie myl maar nie verder as agt myl vanaf die Hoofposkantoor, Pietermaritzburg, moet aan sodanige werknemer vir elke myl of deel, van die afstand wat die werk buite sodanige afstand van drie myl geleë is, 'n toelae gelyk aan een-kwart van die uurloon, betaal word.

(2) Die toelae is vir slegs een rigting daagliks betaalbaar.

steel construction, which includes the fixing of all classes of steel or other metal columns, girders, steel joists, or metal in any other form which form part of a building or structure;

woodworking, which includes carpentry, woodworking machining, turning, carving, fixing of corrugated iron, sound and acoustic material, cork and asbestos insulation, wood lathing, composition ceiling and wall covering, plugging of walls, covering of woodwork with metal, block and other flooring including wood and cork and sandpapering of same, whether or not the fixing in the building or structure is done by the person making or preparing the article used.

4. Wages.

1. (*a*) Subject to the provisions of sub-clauses (1) (*b*), (2), (3) and (4) of this clause of this Agreement, no employer shall pay and no employee shall accept wages at rates lower than the following:—

	Per Hour. s.	d.
(i) Unskilled labourers	0	5
(ii) Skilled labourers	1	0
(iii) Employees in the painting trade	3	0
(iv) Employees in all other trades	3	4

(*b*) *Differential Rates.*—An employee who on any day performs two or more classes of work, for which different wages are payable, shall be paid at the higher wage payable in terms of paragraph (*a*) of this sub-clause for all the hours worked on such day.

(2) (*a*) An improver may, subject to paragraph (*b*) of this sub-clause, be allowed to work after conclusion of his period of apprenticeship, for six months at a wage of not less than 70 per cent. of the wage laid down in sub-clause (1) of this clause for an employee in his trade, and thereafter for a further period of six months at a wage of at least 80 per cent. of such wage.

(*b*) Permission to work at the lower rates referred to in paragraph (*a*) of this sub-clause shall be granted in writing solely in the discretion of the Council.

(3) *Payments for Work on Certain Days.*—Double the wages laid down in this clause shall be paid by an employer for all time worked on Sundays, Good Friday, May Day, and Christmas Day, until the usual starting time on the following day.

(4) *Dangerous Work.*—On all jobs of a dangerous nature, wages in excess of the minimum prescribed shall be paid, the amount to be mutually agreed upon between individual employers and employees.

(5) Minors during the probationary period allowed by the Apprenticeship Act shall be paid not less than the first year apprentice rate of wage.

5. Piece-work.

The giving out by employers or the performance by employees of work on a piece-work basis is prohibited; also any system in which earnings are based on or calculated either in part or wholly upon the quantity or output of the work to be performed as a means of payment of labour not in accordance with the respective rates for wages as provided in Clause 4. The provisions of this Clause shall apply notwithstanding the fact that the employee may supply a small or any quantity of the material or plant required.

6. Payment of Wages and Overtime.

(1) Wages, earnings for overtime and all other remuneration shall be paid in cash weekly on Fridays or on termination of employment if this takes place before the ordinary payday of the employee. Payments may, however, be made on days other than Fridays with the prior consent in writing of the Council.

(2) Wages, earnings for overtime and all other remuneration shall be handed to employees, in sealed envelopes bearing the name of the employee, number of hours worked, date of payment and amount enclosed.

(3) Subject to the provisions of Clauses 19 and 23 of this Agreement no deductions shall be made from amounts due to employees in respect of wages or remuneration for overtime work, provided that where an employer is compelled by any law, ordinance, or legal process to make any payment on behalf of an employee, any amount so paid may be deducted.

7. Walking Time and Transport.

(1) Whenever a job is situated more than three miles and not more than eight miles from the General Post Office at Pietermaritzburg, an employer shall pay to an employee sent to work on such job an allowance at the rate of one-quarter of an hour's wage for every mile or part thereof of the distance beyond such three miles.

(2) The allowance shall be payable one way only daily.

(3) Die werkgewer is geregtig om in die plek van die voorafgaande, vervoer te verskaf, of om vir vervoer na en van die werk ten opsigte van die genoemde afstand, te betaal.

(4) Die tyd in beslag geneem deur na die werk te gaan en terug te kom val vir 'n werknemer buite die gewone werkure in artikel 9 bepaal.

(5) Alle werknemers geregtig tot toelaes ten opsigte van vervoer of tyd in beslag geneem deur na die werk te stap, moet dit weekliks vorder.

8. Distrikswerk.

Aan werknemers wat na distrikswerk gestuur word, moet die werkgewer onderstaande toelaes vir vervoer en/of vir slaapplek betaal:—

(*a*) Ingeval 'n werknemer daagliks na huis kan gaan en werklik ook terugkeer, daagliks 'n tweedeklas-spoorwegretoerkaartjie. Slegs vir die tyd wat gewerk is word betaal.

(*b*) Ingeval 'n werknemer nie daagliks na huis kan terugkeer nie—

(i) 'n tweedeklas-spoorwegkaartjie of gelykstaande vervoer na en van die werk onderskeidelik aan die begin en by beëindiging van sodanige werk; slegs vir tyd gedurende gewone werkure op reis deurgebring word betaal teen die uurloon van die betrokke werknemer, soos in artikel 4 bepaal;

(ii) behoorlike slaapplek naby die werkplek of in plaas daarvan 'n toelae van 5s. per werkdag;

(iii) 'n werknemer wat vir naweke na huis kan gaan en terugkeer op die gewone begintyd van die werk op Maandag (of Dinsdag indien Meidag of Kersdag op 'n Sondag of Maandag val) is elke naweek geregtig tot 'n tweedeklas-spoorwegretoerkaartjie, maar ingeval die reis nie onderneem word nie, is geen toelae in plaas van sodanige kaartjie betaalbaar nie; en ten opsigte van tyd wat gedurende sodanige naweek gereis word, word geen loon betaal nie.

9. Werkure.

(1) (*a*) Behoudens die bepalings van subartikel (4) van hierdie artikel en van artikel 10 van hierdie Ooreenkoms, mag 'n werkgewer nie eis of toelaat dat 'n werknemer werk, en mag geen werknemer werk verrig voor 8 v.m. of na 12 uur (middag) op Saterdag of voor 8 v.m. of na 5 n.m. of tussen 12 uur (middag) en 1 n.m. op enige ander dag nie.

(*b*) Nieteenstaande die bepalings van paragraaf (*a*) van hierdie subartikel, mag 'n werkgewer geskoolde en ongeskoolde arbeiders toelaat om werk te begin om 7.30 v.m. en om werk te staak om 5.30 n.m. op enige gewone dag gedurende die week en om 12.30 n.m. op Saterdag.

(2) (*a*) Die gewone werkure, wat nie meer as vier-en-veertig uur per week mag wees nie, word as volg verdeel: Ag uur daagliks op Maandae tot en met Vrydae en vier uur op Saterdae.

(*b*) Nieteenstaande die bepalings van paragraaf (*a*) van hierdie subartikel mag die gewone werkure van geskoolde en ongeskoolde arbeiders, 50 uur per week wees, bereken soos bepaal in subartikel (1) (*b*) van hierdie artikel.

(3) Die Raad kan toestaan dat by distrikswerk die hele werktyd van vier-en-veertig uur oor vyf dae verdeel word, mits die werkure ten opsigte van elke dag vasgestel word in enige vrystellingsertifikaat uitgereik ingevolge artikel 18 van hierdie Ooreenkoms.

(4) (*a*) 'n Werkgewer kan werknemers twee of drie skofte per tydvak van vier-en-twintig uur laat werk, met dien verstande egter dat geen werknemer in 'n tydvak van vier-en-twintig uur meer as een skof mag werk nie, behalwe op die voorwaardes in artikel 10 van hierdie Ooreenkoms vervat.

(*b*) Waar drie skofte gewerk word, moet een skof gewerk word binne die ure voorgeskryf in subartikel (1) of soos vasgestel ingevolge subartikel (3) van hierdie artikel. Waar slegs twee skofte gewerk word, mag 'n werknemer nie voor 6 v.m. begin werk of later as 3 n.m. vir die eerste skof ophou nie, of voor 3 n.m. begin werk of later as 12 uur (middernag) vir die tweede skof ophou nie. 'n Werknemer wat in 'n ander skof werk as die skof bepaal in subartikel (1) of kragtens subartikel (3) vasgestel, moet betaal word teen die tarief, wat kragtens artikel 4 van hierdie Ooreenkoms betaalbaar is, plus 10 persent.

(5) Geen werknemer mag solank hy in diens by 'n werkgewer is, buite die werkure in hierdie artikel voorgeskryf of ingevolge daarvan vasgestel, hetsy vir vergoeding of nie, op Sondae, Meidag, Goeie Vrydag of Kersdag vir eie rekening of ten behoewe van 'n ander persoon of persone, in die boubedryf enige werk vra, onderneem of doen nie, tensy die skriftelike toestemming van die Raad vooraf verkry is, behalwe dat sodanige arbeider alleen vir homself werk mag verrig.

(6) Geen werk mag op Sondae, Meidag, Goeie-Vrydag of Kersdag gedoen word nie. As 1 Mei op 'n Sondag val, is die bepalings van hierdie artikel op die volgende dag van toepassing.

(3) An employer shall be entitled to provide transport in lieu of the foregoing, or pay for transport, both ways, in respect of the said distance.

(4) Any time occupied by an employee in proceeding to or from work shall be outside the ordinary working hours prescribed in clause 9.

(5) Any employee entitled to walking time or transport allowance shall claim same weekly.

8. Country Jobs.

The following transport allowances and/or allowances for sleeping accommodation shall be paid by an employer to an employee sent by him to work on a country job:—

(*a*) Where the employee is able to and does return to his home every day: Return second-class railway fare daily. Only time worked on a job shall be paid for.

(*b*) Where the employee is unable to return to his home daily:—

(i) Second class railway fare or equivalent transport to and from the place of work at the beginning and termination of such work; time occupied in travelling during the ordinary working hours only shall be paid for at the hourly rate of wage of the employee concerned, as prescribed in clause 4;

(ii) suitable sleeping accommodation, in proximity to the place of work, or an allowance of 5s. per working day in lieu thereof;

(iii) an employee if able to proceed to his home at the week-end and return by the ordinary starting time on Monday (or Tuesday, if May Day or Christmas Day falls on a Sunday or a Monday) shall be entitled to a second class railway return fare at week-ends, but no payment in lieu of such fare shall be made if the journey is not undertaken; wages shall not be payable in respect of any time spent in travelling during such week-ends.

9. Hours of Work.

(1) (*a*) Subject to the provisions of sub-clause (4) of this clause and clause 10 of this Agreement, an employer shall not require or allow an employee to work and an employee shall not work earlier than 8 a.m. or later than 12 noon on Saturdays or earlier than 8 a.m. or later than 5 p.m. or between 12 noon and 1 p.m. on any other day.

(*b*) Notwithstanding the provisions of paragraph (*a*) of this sub-clause, an employer may permit skilled labourers and unskilled labourers to commence work at 7.30 a.m. and finish work at 5.30 p.m. on an ordinary week day and 12.30 p.m. on a Saturday.

(2) (*a*) The ordinary working hours shall not exceed forty-four per week, and shall be apportioned as follows: Eight hours daily on Mondays to Fridays, inclusive, and four hours on Saturdays.

(*b*) Notwithstanding the provisions of paragrph (*a*) of this sub-clause the ordinary working hours of skilled labourers and unskilled labourers may be 50 hours per week calculated as provided in sub-clause (1) (*b*) of this clause.

(3) The Council may permit the whole period of forty-four hours to be worked in five days on country jobs provided that the hours of work shall be fixed in any certificate of exemption granted in terms of clause 18 of this Agreement.

(4) (*a*) An employer may engage employees to work two or three shifts during any period of twenty-four hours, provided, however, that no employee shall work more than one shift in any period of twenty-four hours except under the conditions prescribed in clause 10 of this Agreement.

(*b*) Where three shifts are being worked, one of the shifts shall be worked within the times prescribed in sub-clause (1) or as may be laid down in terms of sub-clause (3) of this clause. In the case where two shifts only are worked, an employee shall not start work earlier than 6 a.m. or finish later than 3 p.m. for the first shift or start work earlier than 3 p.m. or finish later than 12 midnight for the second shift; an employee working any shift other than the shift laid down in sub-clause (1) or prescribed in terms of sub-clause (3) shall be paid and receive the wages payable under clause 4 of this Agreement, plus 10 per cent.

(5) No employee whilst in the employ of an employer shall solicit, undertake, or perform any work in the Building Industry, whether for remuneration or not, outside the hours prescribed in or as may be laid down in accordance with this clause, nor on Sundays, May Day, Good Friday, or Christmas Day, either on his own account or on behalf of any other person or persons, unless the consent of the Council has first been obtained in writing save that such employee may perform work for himself only.

(6) No work shall be performed on Sundays, May Day, Good Friday, Christmas Day. When 1st May falls on a Sunday the provisions of this Clause shall apply to the following day.

10. Oortyd.

(1) 'n Werkgewer mag nie eis of toelaat dat 'n werknemer oortyd werk nie, behalwe—

(*a*) in geval van noodarbeid;
(*b*) op noodsaaklike diens; en
(*c*) waar dit weens die omstandighede in 'n bepaalde geval noodsaaklik is dat die werk met groter snelheid gedoen word as wat moontlik sou wees indien net gedurende die werkure voorgeskryf in of vasgestel ingevolge artikel 9 van hierdie Ooreenkoms, gewerk word, en wanneer die skriftelike toestemming van die Raad vooraf verkry is.

(2) Behoudens die bepalings van subartikel (3) van artikel 4 van hierdie Ooreenkoms moet vir oortyd betaal word teen anderhalfmaal die tarief voorgeskryf in artikel 4 van hierdie Ooreenkoms vir die eerste vier uur wat 'n arbeider langer werk as die werkure voorgeskryf in of vasgestel ingevolge artikel 9 van hierdie Ooreenkoms, en daarna, vir elke uur of deel van 'n uur tot op die gewone tyd waarop werk op die volgende dag begin, teen dubbel sodanige tarief.

(3) Die gewone werkure met oortyd mag in geen geval 72 uur per week in die geval van geskoolde en ongeskoolde arbeiders te bowegaan nie, en 66 uur per week in die geval van werknemers vir wie lone voorgeskryf is in subparagrawe (iii) en (iv) van paragraaf (*a*) van subartikel (1) van artikel 4 van hierdie Ooreenkoms.

11. Diensbeëindiging.

(1) 'n Werknemer, wat graag sy diens by 'n werkgewer wil beëindig, en 'n werkgewer wat graag 'n werknemer se diens wil beëindig, na gelang van die geval, moet die diens, in die geval van timmermans of skrynwerkers minstens twee uur en in die geval van ander werknemers minstens een uur, vooraf opsê.

(2) 'n Werknemer wat as timmerman of skrynwerker werksaam is, moet gedurende die tyd van diensopsegging waarna in subartikel (1) van hierdie artikel verwys word, toegelaat word om sy gereedskap in goeie orde vir gebruik te bring.

(3) Diens behoef nie vooraf opgesê te word nie tensy die betrokke werknemer vir minstens drie agtereenvolgende dae vir dieselfde werkgewer gewerk het.

12. Bergplek vir en Verskaffing van Gereedskap, ens.

(1) Die werkgewer moet by alle werk voorsiening maak vir 'n behoorlike plek waar gereedskap agter slot gebring kan word. Hierdie bepaling is nie van toepassing op klein werkies nie. Die werkgewer moet alle gereedskap van werknemers in die werkplekke en gereedskapkaste by werk, teen brand verseker, en indien die gereedskap nie verseker is nie, is die werkgewer vir enige verlies aanspreeklik.

(2) Werkgewers moet slypstene vir die slyp van gereedskap verskaf. Ingeval op 'n werkplek geen slypsteen verskaf word nie, moet aan timmermans en skrynwerkers vóór diensbeeindiging voldoende tyd en geleentheid gegee word om hul gereedskap weer in goeie orde vir gebruik te bring.

(3) Werkgewers moet voorsiening maak in die geval van:—

(*a*) *Timmermans*, vir alle klemme, handskroewe, lymkwaste, skroefsleutels, koevoete, houtbore en boorysters langer as 12 duim en hamers swaarder as 3 lb.

(*b*) *Steenhouers en Messelaars*, vir—
(i) gereedskap vir die bewerking van graniet of harde klip en vir klouhamers;
(ii) behoorlike afdakke, waarvan die dak minstens tien voet hoog moet wees, vir steenhouers. Hierdie bepaling is nie toepaslik op klein werkies op bouterreine nie;
(iii) 'n man om alle gereedskap skerp te maak.

(*c*) *Skilders en Plakkers*, vir alle gereedskap, behalwe glasmakersmesse, stofbesems en plakkerskwaste en skêre.

(*d*) *Pleisteraars*, vir ,, dagga " planke en steiers van voldoende hoogte, rollers, reihout en spesiale gereedskap vir granoliet.

(*e*) *Loodgieters en Gas-aanlêers*, vir—
(i) masjiene wat in die werkplek of in verband met die werk gebruik word;
(ii) handaambeelde en klinknaels en boorysters van alle groottes;
(iii) draadsnywerktuie soos kraanbore, draadsnyers, tappe en palbore;
(iv) pypsnyers en bankskroewe;
(v) spesiale en swaar soldeerboute en vuurpotte;
(vi) smeltpotte en groot gietlepels;
(vii) beitels, deurslae en muurbore langer as 9 duim;
(viii) soldeerboute en blaaslampe;
(ix) vyle en metaalsaagblaaie;
(x) skroefspille van meer as 2 duim deursnee;
(xi) klinknaelstelle van klinknael No. 12 en daarbo, en dryfbeitels;
(xii) hamers vir bewerking van geplette metaal en swaar hamers;
(xiii) deurslae van meer as ¼ (een-kwart) duim deursnee, hol of solied;
(xiv) skroefsleutels en tange van meer as 12 duim.

(*f*) *Elektrisiëns*, vir groot vyle, blaaslampe, spanskroewe, groot beitels, saagblaaie en skroefsny-gereedskap.

10. Overtime.

(1) An employer shall not require or allow an employee to work overtime except:—

(*a*) In cases of emergency work;
(*b*) on essential services; and
(*c*) where the exigencies of the particular case demand that work shall be performed with greater rapidity than would be possible by working the hours prescribed in or as may be laid down in accordance with clause 9 of this Agreement and when the consent of the Council shall first have been obtained in writing.

(2) Subject to the provisions of sub-clause (3) of clause 4 of this Agreement, overtime shall be paid for at one and a half times the wages prescribed in clause 4 of this Agreement for any time up to four hours worked in excess of the hours prescribed in or as may be laid down in accordance with clause 9 of this Agreement, and double such wages thereafter for every hour or part of an hour worked until the usual starting time on the following day.

(3) The ordinary working hours plus overtime shall in no case exceed 72 hours per week in the case of skilled labourers and unskilled labourers, and 66 hours per week in the case of the employees for whom wages are prescribed in sub-paragraphs (iii) and (iv) of paragraph (*a*) of sub-clause (1) of clause 4 of this Agreement.

11. Termination of Employment.

(1) An employee desirous of terminating an engagement with an employer, and an employer desirous of terminating the services of an employee shall give, in the case of carpenters or joiners, not less than two hours' notice, and in the case of other employees not less than one hour's notice of such termination of employment to the employer or employee, as the case may be.

(2) An employee engaged as a carpenter or joiner shall, during the period of notice referred to in sub-clause (1) of this clause, be allowed to put his tools in working order.

(3) No notice of termination of employment shall be required unless the employee concerned has worked for at least three consecutive days with the same employer.

12. Storage and Provision of Tools, etc.

(1) A suitable place shall be provided by the employer on all jobs for locking up tools. This shall not apply to jobbing work. All employees' tools in workshops and lock-ups on job shall be insured by the employer against loss by fire, and when such tools are not insured the employer shall be responsible to make good such loss.

(2) Employers shall supply grindstones for sharpening tools. Where no grindstone is provided on a job, suitable time and facilities shall be granted to carpenters and joiners prior to termination of employment to put their tools in order.

(3) Employers shall be obliged to provide, in case of—

(*a*) *Carpenters.*—All cramps, handscrews, glue-brushes, wrenches, crowbars, augers and bits over 12 inches long, and all hammers over 3 lb.

(*b*) *Masons and Stone-cutters.*—
(i) Tools for working granite or hard stone and claws.
(ii) Suitable sheds for stone-cutters, the roof of which must not be less than 10 ft. high. This rule shall not apply to small jobs on building sites.
(iii) A man to sharpen all tools.

(*c*) *Painters and Paperhangers.*—All tools, except putty-knives, dusters, and paperhangers' brushes and scissors.

(*d*) *Plasterers.*—Dagga-boards and stands of suitable height, rollers, straight-edges, and special granolithic tools.

(*e*) *Plumbers and Gasfitters.*—
(i) Machines used in shop or on job.
(ii) Stake and riveting bars and drills of all sizes.
(iii) Screwing tackle, such as stock, dies, taps, and ratchets.
(iv) Pipe-cutting tools and vices.
(v) Special and heavy caulking iron and firepots.
(vi) Metal pots and large ladles.
(vii) Chisels, punches, and wall pins over 9 inches in length.
(viii) Soldering-irons and blowlamps.
(ix) Files and hacksaw blades.
(x) Mandrills over 2 inches in diameter.
(xi) Rivet sets from No. 12 rivet and over, and grooving tools.
(xii) Sheet-metal workers' mallets and heavy dressers.
(xiii) Punches over ¼ (quarter) inch in diameter, hollow or solid.
(xiv) Wrenches and tongs over 12 inches in length.

(*f*) *Electricians.*—Large files, blowlamps, draw-vices, large chisels, saw-blades, and screw-cutting tools.

13. Spesiale Bepalings vir die Verrigting van Sekere Soorte Werk.

Werkgewers en werknemers moet onderstaande reëls nakom:—

(1) *Vormwerkplekke vir Pleisteraars.*—Werkgewers moet sorg dat gietvorms gevul word onder behoorlike toesig van 'n werknemer wat minstens 3s. 4d. per uur betaal moet word.

(2) *Betonwerk.*—Werkgewers moet sorg dat alle betonwerk gedoen word onder behoorlike toesig van 'n werknemer wat minstens 3s. 4d. per uur betaal moet word.

(3) *Klipwerk*—

(*a*) Bedieners van klipdraai- of skaafmasjiene moet teen minstens 3s. 4d. per uur betaal word.

(*b*) Werknemers wat saagblaaie set, klippe gereedstel om gesaag te word, en klippe vir die poleermasjiene gereedmaak en waterpas stel, moet teen minstens 3s. 4d. per uur betaal word.

(*c*) Klipmesselaarstellasies moet minstens 6 voet van mekaar staan en gedurende die werkure mag geen stof met die uitblaaspyp, of ander lug, weggeblaas word nie.

(*d*) Van geen werknemer mag verlang word om bewerkte klip te gebruik nie uit 'n distrik in die Unie van Suid-Afrika waar laer lone dan dié voorgeskryf in hierdie Ooreenkoms betaal word, tensy so 'n streek onderworpe is aan 'n Ooreenkoms wat ingevolge die Wet of 'n Loonvasstelling ooreenkomstig die Loonwet, 1925 of 1937, gepubliseer is, en waarby 'n laer loon voorgeskryf word.

(4) *Skrynwerk.*—Van geen werknemer mag verlang word om skrynwerk te gebruik nie, wat gefabriseer is in 'n distrik in die Unie van Suid-Afrika waar laer lone betaal word dan dié voorgeskryf in hierdie Ooreenkoms, tensy so 'n streek onderworpe is aan 'n Ooreenkoms, wat ingevolge die Wet, of 'n Loonvasstelling ooreenkomstig die Loonwet, 1925 of 1937, gepubliseer is, en waarby 'n laer loon voorgeskryf word.

(5) *Steiers.*—Die werkgewer moet sorg dat alle steiers behoorlik uit goeie materiaal gemaak word, en opgerig word deur of onder toesig van 'n takelmeester of ander werknemer wat minstens 3s. 4d. per uur betaal moet word.

14. Beskutting teen Nat Weer.

Werkgewers moet op elke terrein waar daar bouwerk uitgevoer word, voorsiening maak vir behoorlike beskutting waar die werknemers tydens nat weer kan skuil.

15. Latrines.

Behoorlike saniteitsgeriewe moet op alle werkplekke vir blankes en nie-blankes afsonderlik verskaf word.

16. Verversings.

Elke werkgewer moet sorg dat daar 'n persoon is wat vir sy werknemers tee kan maak in die voormiddag, op die middag en in die namiddag. Geen werknemer mag die plek waar hy werk vir tee in die voor- of namiddag verlaat nie.

17. Werkende Werkgewers en/of Vennote.

Enige werkende werkgewer en/of vennoot of hulle direkte verteenwoordiger moet die werkure wat in, of kragtens artikel 9 (*a*) en (*b*) van hierdie Ooreenkoms bepaal is, nakom.

18. Vrystellings.

(1) Die Raad kan na goeddunke en nadat skriftelik aansoek gedoen is, aan enige persoon of persone 'n skriftelike vrystelling van die bepalings van hierdie Ooreenkoms verleen.

(2) Die Raad het die mag om die voorwaardes waaronder en die tydperk waarvoor enige vrystelling van krag sal wees, vas te stel.

(3) Aan elke vrygestelde persoon moet 'n vrystellingsertifikaat, deur die Voorsitter en Sekretaris van die Raad onderteken, uitgereik word.

'n Vrystellingsertifikaat is buite die gebied waarvoor dit uitgereik is, nie geldig nie.

(4) Die Raad kan 'n vrystellingsertifikaat te eniger tyd in die loop van die termyn waarvoor dit uitgereik is, wysig of terugtrek.

